

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 18, No. 5

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Sep-Okt 2018 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

Ontwerp dui op doel

Hierdie artikel het ek in die pragtige British Columbia begin skryf – een van my gunsteling-plekke op hierdie planeet wat ons ons tuiste noem. In Kanada waar ek onlangs was, is drie van my Kanadese weergawes van *Tomorrow's World*-beeldsendings opgeneem. Ek het drie *Tomorrow's World*-aanbiedings in Kelowna gegee en het ook deur middel van 'n Internet-konneksie met ons gemeentes in Wes-Kanada gepraat. Daarna het ek vir 'n paar dae saam met vriende by 'n afgeleë hut aan die oewer van 'n meer ontspan, waar ek my nou bevind en hierdie brief aan u skryf.

Buite sien ek majestueuse berge en sagte wit wolke gevef teen 'n pragtige blou agtergrond. Het u al ooit daaraan gedink hoe werklik merkwaardig ons aardse tuiste is? Dit is so maklik om dit as vanselfsprekend te aanvaar. Dit maak nie saak waar mens reis nie. 'n Mens vind oral oorvloedige aardse skatte. Daar is tropiese eilande waar heerlike vrugte aan inheemse bome hang. Die koringlande van Iowa en Nebraska verskaf voedsel aan beide mens en dier. Dan is daar die hemelhoë sneeubedekte bergreekse van Europa, Asië en Suid-Amerika wat gedurende die somerhitte water aan laerliggende streke voorsien. Ons verwonder ons aan die vreemde, kleurvolle wesens wat ons oseane bewoon. Ons kan dit egter steeds alles as vanselfsprekend aanvaar.

Is daar lewe daar buite?

Ek het in die hoëskool gehoor dat daar dalk lewe gevind kan word op Mars of Venus, ons naaste bure, maar sulke verwagtings is dekades gelede deur latere wetenskaplike ontdekkings verpletter. Wetenskaplikes begin nou verstaan hoe uniek ons planeet werklik is. Baie mense dink dat met soveel sterrestelsels, soveel sterre en soveel planete daar buite, lewe êrens anders in ons heelal moet bestaan. Namate wetenskaplikes egter meer leer van die toestande wat nodig is om lewe moontlik te maak, selfs sogenaamde primitiewe lewe, hoe skraler word die kanse. Nog belangriker is daardie probleem van *hoe lewe ooit op enige plek* uit nie-lewende materiaal sou kon ontwikkel. Die waarskynlikheid om selfs 'n enkele proteïen te ontwikkel, is *ontsaaglik* klein. Dit is statisties onmoontlik. Niemand het regtig nuwe lewe uit nie-lewende materiaal voortgebring nie en niemand kan 'n aanvaarbare verduideliking, wat deur navorsing bewys kan word, gee van hoe dit ooit *sou kon* gebeur nie.

Die feit dat u hierdie tydskrif lees, dui waarskynlik daarop dat u die wonder van ontwerp in elke lewende wese sien asook die noodsaaklikheid van 'n Skepper, 'n Ontwerper, 'n Lewegewer, erken. Dit bring my by 'n baie belangrike vraag: *Waarom* is ons hier?

By die *Tomorrow's World*-aanbieding in

Kelowna het ek daarop gewys hoe min mense probeer om oor die sin en doel van die lewe na te dink. Waarom het 'n intelligente Wese ons op hierdie spesiale plek geplaas? Hoekom is dit vir ons selfs moontlik om so 'n vraag te oorweeg?

Min mense bestee tyd daaraan om die antwoord te probeer ontdek. In plaas daarvan haas hulle hul van een opwindende aktiwiteit na 'n ander. Hulle moedig hulle gunstelingspan aan en leef vir die volgende wedstryd. Hulle maak soveel geld as moontlik, koop soveel speelgoed as wat hulle kan bekostig (of nie kan nie) en volg die gebruike wat aan hulle oorgelewer is. Hulle is onbewus van die *waarom* vraag. Baie mense probeer om, wat hulle beskou as 'n "goeie lewe", te leef en glo dat hulle powere pogings hulle op een of ander manier, lewe na die dood kan gee. Hulle besluite maak dit egter duidelik dat lewe na die dood nie hulle belangrikste prioriteit is nie. In plaas daarvan leef hulle eerder 'n "net ingeval" lewe – dit wil sê, 'n lewe op 'n soort van halfhartige manier "net ingeval" daar 'n God is en "net ingeval" daar lewe na die dood is.

Ons bestaan omdat 'n Verstand, veel groter as ons eie, ons ontwerp, kunstig gevorm en geskep het. Indien dit waar is – ek glo die meeste van u wat hierdie artikel lees glo dit is – dan moet daar 'n doel wees. Te min mense (miskien sommige van u ook) gee nogtans egter

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Ontwerp dui op doel

Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Vyf Profesieë vir die Midde-Ooste 3

Bybelprofesie wys ons daarop om die Midde-Ooste dop te hou soos wat die eindtyd nader kom. Hierdie vyf profesieë voorsien ons van die besonderhede waarvoor u op die uitkyk kan wees voor die Wederkoms van Christus.

Die ontnugterende toekoms van die Anglosfeer 8

VIGS kan gestop word 10

Die aantal mense wat die waarheid omtrent abortsie besef word al hoe meer. Is daar hoop vir diegene wat reeds die fout gemaak het om 'n abortsie te hê?

Indien ek 'n ryk man was 15

Is Darwin se evolusieteorie tot niet? 16

Baie mense beweer dat die wetenskap bewys dat evolusie 'n feit is. Ontdekkings soos die komplekse strukture binne lewende selle het egter heeltemal die teendeel bewys!

Penisillien: Nie meer 'n wondermiddel nie! 21

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Die werke van Sy Hande 24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Gerald E. Weston

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Kuns Redakteur

John Robinson

Besturende Redakteur

Wallace Smith

Streksredakteurs

Robert Tyler (Australasië)

Stuart Wachowicz (Kanada)

Adam West (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekskantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

BM PO Box 2345

London, WC1N 3XX

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Vyf Profesieë vir die Midde-Ooste

Deur Richard F. Ames

God se Woord identifiseer die Midde-Ooste as die belangrikste ligging vir eindtydse konflikte wat sal lei tot die Wederkoms van Jesus Christus om Sy Koninkryk te vestig. Hierdie vyf profesieë vir die Midde-Ooste beskryf gebeurtenisse wat moet plaasvind voor die Wederkoms – gebeurtenisse waarvoor u behoort uit te kyk!

Bybelse profesie openbaar dat gebeure in die Midde-Ooste die toekoms van die hele wêreld sal bepaal. Het u hierdie oproerige streek dopgehou? Weet u waarna om op te let?

Die Israelse joernalis, Yossi Melman het opgemerk: “Wanneer die Midde-Ooste nies, kan die res van die wêreld – veral Amerika en Wes-Europa – die griep kry”. Inderdaad word konflikte in die Midde-Ooste dikwels deeglik in Amerika gevoel en die teendeel is ook waar.

“Die Verenigde State se weermag bestee sowat \$1 miljoen om duisende Islamitiese staatvegters en hulle familieledes aan te hou in tydelike kampe wat deur Koerdiese burgermagte in die noorde van Sirië bestuur word. Dit trek die Pentagon dieper in die oorlogsone se aanhoudingsbedrywighede in wat hulle juis probeer vermy het”, skryf Eric Schmitt van die *New York Times*. “Kritici vrees dat hierdie geriewe 'n broeiplek kan word vir ekstremiste en 'n herhaling word van 'n belangrike sekuriteitsmistasting van die oorlog in Irak”. Schmitt skryf verder: “Net oor die afgelope

maand alleen en gewapen met nuwe volmag van mnr. Trump, gaan die Amerikaanse spesiale operasionele magte voort om jag te maak op mense wat besig is met die bedrywighede van die Islamitiese Staat en Qaeda”. Dit is duidelik dat konflik in die Midde-Ooste glad nie iets van die verlede is nie!

Op een of ander manier lyk dit of die Midde-Ooste 'n voortdurende fokus van wêreldkonflik bly. Sal daar ooit 'n tyd wees wanneer hierdie streek – selfs al die streke van die wêreld – ware, blywende vrede sal beleef?

Die goeie nuus is dat u Bybel 'n tyd voorspel wanneer vrede uiteindelik op Aarde sal heers, maar daardie tyd sal eers kom ná 'n tydperk van intense oorlog en lyding soos ons wêreld nog nooit gesien het nie. Tog, indien ons weet vir watter geprofeteerde gebeure ons op die uitkyk moet wees, kan ons hoop en vertrouwe hê in God se beloofde toekoms van vrede, selfs al is ons nog in 'n tydperk van gruwelike haat en verwoesting. Hierdie artikel sal vyf geprofeteerde sleutelgebeure ondersoek waarvoor ons almal op die uitkyk behoort te wees.

Profesie # 1: Nuwe militêre alliansies oos van die Eufraat-rivier

Onthou u die Iran-Irak oorlog? Dit het van 1980 tot 1988 voortgeduur en meer as 'n miljoen mense het gesterf. Die Eufraatrivier was prominent in daardie konflik en u Bybel toon dat dit weer sentraal sal wees in geprofeteerde eindtydgebeure.

Die Eufraatrivier loop van Turkye af deur Sirië en Irak na die Persiese Golf. Die nasie van Iran lê direk ten ooste van Irak. Gedurende die geprofeteerde Dag van die Here sal 'n ontsaglike groot leër van 200 miljoen soldate weswaarts oor die Eufraatrivier in die Midde-Ooste inbeweeg.

In Openbaring lees ons van 'n magtige leër uit die ooste wat miljarde mense sal doodmaak. Die apostel Johannes beskryf dit as die sesde basuinplaag. Let op waar hierdie groot weermag sal versamel: “En die sesde engel het geblaas, en ek het 'n stem gehoor uit die vier horings van die goue altaar wat voor God is, en dié het aan die sesde engel met die basuin gesê: Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat”

(Openbaring 9:13-14).

Ja, die Eufraatrivier is die fokuspunt vir hierdie profesie. Johannes gaan voort:

“Toe is die vier engele losgemaak wat gereed gehou was vir die uur en dag en maand en jaar, om 'n derde van die mense dood te maak. En die getal van die leërs van perde-ruiters was twee maal tienduizend; en ek het hulle getal gehoor. En só het ek in hierdie gesig die perde gesien en die wat op hulle sit, met vuurrooi en blou en swawelgeel borsharnasse. En die koppe van die perde was soos leeukoppe, en uit hulle bekke het vuur en rook en swawel uitgegaan. Deur hierdie drie *plae* is 'n derde van die mense gedood, deur die vuur en deur die rook en deur die swawel wat uit hulle bekke uitgegaan het” (Openbaring 9:15-18).

Dit beskryf 'n wêreldoorlog waarin miljarde mense sal sterf, wanneer 'n leër van 200 miljoen, wes oor die Eufraatrivier sal beweeg en een-derde van die planeet se bevolking sal uitwis! Dit is waarom Jesus Christus vir ons gesê het dat, tensy daardie dae verkort sou word, geen vlees gered sal word nie (Matthéüs 24:21-22).

Watter wêreldmoondhede is oos van die Eufraat? Kyk na 'n kaart en u sal nasies vind wat Iran, Indië, China en Rusland insluit. Maak seker dat u daardie nasies se militêre ontwikkelings en internasionale alliansies dophou. Hou ook vir groeiende beleggings in militêre mag dop, wat ook kernwapens insluit!

Profesie # 2: Groter eenheid tussen Israel se tradisionele vyande

In Junie 1967 het Israel in wat die sogenaamde “Sesdaagse Oorlog” genoem word geveg. Israel het teen die gesamentlike magte van Egipte, Sirië en Jordanië geveg en die Sinai-skiereiland, die Golan Hoogland, die Wesoever en Oos-Jerusalem verower. Hierdie oorwinning het aan Israel toegang verleen tot Jerusalem se antieke heilige plekke, met betrekking tot die Westelike Muur (ook bekend as die “Klaagmuur”) by die Tempelberg. Teen die einde van die oorlog het Israel aangebied om die Wesoever weer aan die Palestynse beheer oor te gee indien hulle Israel se algehele eienaarskap van Jerusalem sou aanvaar. Gamel Abdul Nassar, Egipte se destydse president, het by sy Arabiese bure aangesluit deur Israel se aanbod van grondgebied vir vrede te weier.

Sewe jaar later, op 6 Oktober 1973, was Israel weer in 'n oorlog gewikkel. In wat bekend geword het as die “Yom Kippur Oorlog” – omdat dit op die Versoendag van daardie jaar begin het – Israel het invalle vanaf Egipte en Sirië afgeweier. Uiteindelik het Israel, Egipte en Sirië ingestem tot 'n Verenigde Nasies skietstaking wat die konflik beëindig het.

Sedertdien was daar af en toe militêre aanvalle, sowel as die jare lange *intifada* (Arabiese vir “afskud”) waarin die Palestynse weerstand gebied het – soms bloedig – teen wat hulle as

onregverdige Israelse oorheersing beskou het. Gevegte en bloedvergieting het ook voortgegaan onder strydende Palestynse faksies; die president van die Palestynse Owerheid, Mahmoud Abbas, het op een stadium sy volk beskryf as “op die rand van burgeroorlog” as gevolg van die struwelinge tussen sy Fatah-organisasie en die Islamitiese militante groep Hamas.

Selfs te midde van konflikte binne die Arabiese en Moslemnasies, is baie van hulle nogtans deur 'n diepgesetelde haat vir Israel verenig. Die Iranse president, Hassan Rouhani, het Israel veroordeel as 'n “besetter- en indringer-regering” wat “ongeregtigheid pleeg teenoor die volke van die [Midde-Ooste] streek en onstabiliteit na die streek gebring het met sy oorlogsugtige beleid”. Volgens die *Times of Israel*, het bevelvoerder Mohammad Reza Naqdi van die Basij-burgermag van Iran se Revolusionêre Wagle, in 2015 gesê dat om “Israel van die landkaart af te vee nie onderhandelbaar was nie”. Alhoewel tradisionele geskille tussen Arabiere en Moslems sal voortduur, hou dop vir die toenemende eenheid tussen hierdie magte teen Israel. U Bybel toon aan dat 'n toekomstige “koning van die Suide” verskeie Arabiese nasies sal verenig en dat hierdie gekombineerde mag as 'n bedreiging deur die “koning van die Noorde” beskou sal word en die konflik rondom Jerusalem sal in intensiteit toeneem (Daniël 11:40-

45). Dit sal 'n skrikwekkende konflik veroorsaak wat ons wêreld sal skud, maar Bybel-studente sal dit ook kan herken as 'n voorloper van Jesus Christus se naderende Wederkoms.

Profesie # 3: Internasionale pogings om Jerusalem te beheer

Geskiedkundig en godsdienstig is Jerusalem belangrik vir volgelinge van Judaïsme, Christelikheid en Islam. Al hierdie godsdienste beskou Jerusalem as die sentrale plek van waar belangrike gebeurtenisse van hulle geloof plaasgevind het. Vir Jode is Jerusalem kosbaar omdat dit die stad van die groot profete en die hoofstad van die koninkryk van Israel en Juda onder koning Dawid en sy seun, koning Salomo was.

Salomo se tempel, ook bekend as die “Eerste Tempel”, is in die tiende eeu v.C. in Jerusalem gebou onder leierskap van Koning Salomo en het Juda se middelpunt van aanbidding gebly totdat die Babiloniërs dit in die sesde eeu v.C. verwoes het. Die volk van Juda is toe in ballingskap weggevoer. Nadat dit as die “Tweede Tempel” herbou is – nadat die Jode uit Babilonië teruggekeer het – het dit die fokuspunt van die Joodse aanbidding gebly totdat dit in 70 n.C. deur Romeinse leërs vernietig is.

Jerusalem word ook naas Mekka en Medina beskou as die derde heiligste stad van Islam.

Dit is die tuiste van die “Rotskoepel” – 'n gekoepelde moskee van goud wat sedert 691 n.C. die Tempelberg oorheers het en steeds, sover bekend, die oudste bestaande Moslemgebou is. Moslems verwys na die Tempelberg as die *Haram al-Sharif* (“Die Edele Heiligdom”) en glo dat die Rotskoepel die plek is waarvandaan Mohammed na die hemel opgevaar het, vergesel deur die engel Gabriël.

Christene beskou Jerusalem natuurlik as die stad waar Jesus Christus gekruisig en opgewek is, maar ook as die plek van Sy geprofeteerde Wederkoms – waar Sy voete eerste die aarde op die Olyfberg wat oos van Jerusalem lê sal raak (Sagaria 14:4).

Jerusalem is reeds vir jare baie belangrik vir drie groot wêreldgodsdienste. Hierdie feit het veroorsaak dat die beheer daarvan, 'n internasionale fokuspunt van stryd is. Alhoewel Israel sedert 1967 beide Oos- en Wes-Jerusalem beheer het, wil baie ander regerings sien dat Jerusalem internasionaal beheer sal word. Die oorspronklike 1947 Verenigde Nasies Verdelingsplan vir Palestina (resolusie 181 van die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies) het voorgestel dat Jerusalem behandel word as 'n *corpus separatum* – 'n sone wat internasionaal bestuur word. Hoewel hierdie status nooit van krag geword het nie, hoop baie mense steeds dat so-iets soortgelyk bereik sal word. In 1984 het Pous Johannes Paulus

II in sy apostoliese brief *Redemptoris Anno* geskryf dat hy hoop dat Jerusalem 'n “spesiale internasionaal gewaarborgde status” kan verkry. Wie sou daardie status kan waarborg? In 1975 het die V.S. se Minister van Buitelandse Sake, Henry Kissinger, voorgestel dat Jerusalem 'n internasionale stad word en dat beheer oor heilige plekke en die godsdienstige administrasie aan die Rooms-Katolieke pous gegee word.

Sal sodanige internasionale beheer oor Jerusalem bereik kan word? Die Bybel openbaar dat 'n skokkende gebeurtenis sal plaasvind, waarna Jerusalem nie deur Israel beheer sal word nie, maar deur ander regeringsmagte. Die apostel Johannes skryf: “En 'n riet soos 'n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staand op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid. Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande lank vertrap” (Openbaring 11:1-2).

Ja, Jerusalem (“die Heilige Stad”) sal 42 maande lank deur die heidene beheer word voor Jesus Christus se Wederkoms! 'n Groot wêreldmoondheid, beskryf as die “Dier” in die boek Openbaring, sal die Midde-Ooste binnedring en beheer oor Jerusalem oorneem vir 'n tydperk van drie-en-'n-halfjaar voor die Wederkoms van Jesus Christus! Gedurende daardie

tyd sal twee profete van God met groot krag en mag getuig en stry teen die heidense moonheid wat dan die Midde-Ooste sal oorheers (Openbaring 11:3-14).

Profesie 4: Diere-offers heringestel deur Jode in Jerusalem

Indien u die boeke Daniël en Mattheüs in u Bybel gelees het, was die geheimsinnige “gruwel van die verwoesting” dalk vir u raaiselagtig. Wat is dit en wat sal dit beteken in eindtydse profesie? Laat ons eerstens kyk na Jesus se eie woorde. Hy het gesê: “Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gesprek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom — laat hy wat lees, oplet — dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug” (Mattheüs 24:15-16).

Dit is duidelik 'n belangrike waarskuwing wat verstaan behoort te word. Dit dui op die tyd wanneer God se mense sal vlug om die finale drie-en-'n-halfjaar opeenvolging van verwoestende eindtydse profetiese rampe vry te spring.

Die Griekse heerser Antiochus Epiphanes het volgens geskiedenis in 167 v.C. 'n bevel uitgereik wat die Jode verbied het om offers in die tempel te maak. “En deur hom sal leërs op die been gebring word en die heiligdom, die vesting, ontheilig, en hulle sal die voortdurende offer afskaf en die ontsettende gruwel opstel” (Daniël 11:31). Antiochus het nie net 'n einde aan die daaglikse offers gemaak nie; hy het 'n standbeeld van Jupiter Olympus in die tempel

opgerig en almal beveel om dit te aanbid.

Hierdie gebeurtenis, wat ook in Daniël 8 beskryf word, voorspel 'n geprofeteerde eindtydse mylpaal. “En van die tyd af dat die voortdurende offer afgeskaf en die ontsettende gruwel opgerig word, sal duisend-tweehonderd-en-negentig dae verloop” (Daniël 12:11). Ja, 1,290 dae voor Jesus Christus se Wederkoms, sal diereoffers weer afgeskaf word! Jesus waarsku ons as Christene om waaksaam te wees vir 'n eindtydse gruwel van verwoesting! Net soos Antiochus Epiphanes die tempel in 167 v.C. ontheilig het en die offers verbied het, so sal 'n onheilige gesag ook in die toekoms, Joodse offers verbied! Trouens, die apostel Paulus waarsku teen 'n groot valse profeet wat in die heilige plek sal staan. “Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is” (2 Thessalonicense 2:3-4).

'n Groot valse profeet sal groot wonderwerke verrig en miljoene mense mislei. Hy sal aanbidding van homself bewerkstellig en aanspraak maak op die mantel van goddelikheid. Hierdie groot valse profeet sal ongelooflike wonderwerke verrig, selfs vuur

uit die hemel laat neerdaal, en hy sal miljoene mense regoor die wêreld mislei (Openbaring 13:13-14)! Ons moet egter nie mislei word deur hierdie tekens en wonders nie! Die Skrif sê: “Beproof alle dinge; behou die goeie” (1 Thessalonicense 5:21).

Daar is egter 'n vangplek. Sedert die Romeine die tempel in Jerusalem gedurende 70 n.C. verwoes het, het die Jode nie meer diere-offers gebring nie. Om eindtydse offers te staak, moes hulle tog eers weer ingestel gewees het! Wanneer diere-offers weer begin in Jerusalem, sal u weet dat die profesieë waarvan Jesus gepraat het, spoedig op pad sal wees na 'n rampspoedige klimaks!

Wees op die uitkyk vir ontwikkelings in Israel wat sal lei tot die herinstelling van diere-offers. Dit hoef nie noodwendig te beteken dat 'n volskaalse tempelstruktuur gebou sal word nie. Let op wat gebeur het toe die Jode ongeveer 536 v.C. van Babiloniese ballingskap teruggekeer het. Hulle het 'n heilige plek gehad, maar nog geen tempel nie. Die boek Esra beskryf dat hulle na die “Huis van God” gekom het *voordat* hulle 'n tempel gehad het waarheen hulle hulle offers kon bring (Esra 3:6). *Later*, in daaropvolgende verse, lees ons dat die fondament van die tempel gelê is.

Die punt is dat offers op 'n “heilige plek” aangebied moet word – maar ons het in Esra gesien dat offers daaglik

gebring kon word, selfs sonder 'n fisiese gebou wat 'n tempel genoem word! Op die oomblik word slegs Moslems toegelaat om op die Tempelberg te aanbid. Die heiligste plek wat tans deur Joodse godsdienstige owerhede beheer word, is die Westerse (of "Klaag") Muur. Op een of ander manier sal offers hervat word, alhoewel ons nog steeds moet sien wáár en hóé dit sal gebeur. Wees op die uitkyk vir 'n groot nasionale krisis in Israel om hierdie gebeurtenis te bespoedig!

Profesie # 5: 'n Europese supermoondheid in beheer van Jerusalem

Ons het gesien dat vóór Jesus Christus se Wederkoms, Israel se vyande teen die klein beleërde volkie sal saamspan. Ons het gesien dat daar druk op Israel sal wees om die beheer van Jerusalem uit hulle hande te neem en dit in die hande van 'n internasionale administrasie te plaas. Ons het gesien dat hierdie krisis godsdienstige Jode sal aanspoor om diere-offers weer in te stel. Waarvoor behoort ons nog uit te kyk?

Die Bybel toon aan dat 'n Europese supermoondheid kort voor die Wederkoms van Jesus Christus, die beheer van Jerusalem sal oorneem. Die profeet Daniël het die opkoms van 'n suidelike moondheid beskryf wat met 'n noordelike moondheid sal bots. Let op: "Maar in die tyd van die einde sal die koning van die Suide met hom in botsing kom, en die

koning van die Noorde sal op hom afstorm met strydwaens en perderuiters en baie skepe, en hy sal daarmee in die lande inkom en instroom en dit oorfloei. Hy [die Koning van die Noorde] sal ook kom in die Pragtige Land, en baie sal struikel; maar hierdie volke sal uit sy hand vryraak: Edom en Moab en die beste deel van die kinders van Ammon. En hy sal sy hand uitsteek teen die lande; ook Egipteland sal nie vrykom nie" (Daniël 11:40-42).

Die koning van die Noorde sal in die "Pragtige Land" ingaan – die ligging van die moderne staat, Israel. Bybelgeleerdes identifiseer Ammon (wat sal vrykom uit die hand van die koning, saam met Edom en Moab) as hedendaagse Jordanië, wat baie mense sal laat glo dat Jordanië sal verenig met die Europese moondheid. Wie sal deel wees van hierdie alliansie teen Israel? Let op Psalm 83. Assirië (hedendaagse Duitsland) sal 'n verdrag sluit met Moab, Ammon en Edom. Kyk na landkaarte in u Bybel om hulle geskiedkundige ligging te vind en indien u dit nog nie gedoen het nie, skryf vir 'n gratis kopie van ons insiggewende artikel *Die Herrysende Duitsland: 'n Vierde Reich?* om meer te leer oor Duitsland se rol as hedendaagse Assirië.

Wat vertel die Skrif ons van die koning van die Noorde? Ons het gesien dat hy ook as die "Dier" bekend is, maar wie is die Dier? Let op hierdie kantnota uit die *Douay-Rheims* (Nuwe

Katolieke uitgawe) van die Bybel, wat kommentaar lewer oor die dier van Openbaring 17:11. "Die dier waarvan hier gepraat word, blyk die Romeinse Ryk te wees, soos in hoofstuk 13". Met ander woorde, die Dier van Openbaring 17 en die Dier van Openbaring 13 verteenwoordig die Romeinse Ryk. Hierdie Katolieke Bybel sê ook soos volg, in verband met Openbaring 13:1: "Die beeld van die eerste dier is gebaseer op die sewende hoofstuk van Daniël. Hierdie dier beeld die koninkryke van die wêreld uit, koninkryke wat gegrond is op passie en selfsug, wat al vir eeue gekant is teen Christus en probeer om die dienaars van God te onderdruk. Imperiale Rome verteenwoordig hierdie moondheid".

Ja, die "Dier" is 'n herlewing van die antieke Romeinse Ryk. Indien u wêreldgebeure dophou, het u dalk waargeneem dat die Europese Unie, politieke, militêre en ekonomiese eienskappe van die ryk begin ontwikkel het wat in die Skrif beskryf word. U kan in Openbaring 18 van die ekonomiese mag van hierdie ryk lees.

Namate ons nader aan die Groot Verdrukking kom, sal ware Christene toenemend vervolgd word. Jesus beveel ons egter hoe om te reageer wanneer godsdienstige vervolging vererger. "Deur julle volharding moet julle jul lewe in besit kry. En wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingeld sien, dan moet julle weet dat sy verwoesting

Vervolg op bladsy 26

Keerpunte in wêreldgeskiedenis

Die ontnugterende toekoms van die Anglosfeer

Deur Douglas Winnail

Betekenisvolle winde van verandering soos geprofeteer begin onheilspellend oor die wêreld waai. Die eens magtige Brittanje, wat op 'n stadium die grootste Ryk was wat die wêreld nog ooit gesien het, is besig om die Europese Unie te verlaat en staan nou alleen met 'n finansiële krisis as 'n toenemend onbeduidende eilandnatie. Amerika wat steeds die wêreld se enigste supermoondheid is, het biljoene dollars skuld, verskeur deur interne verdelings, bekommerd oor opkomende bedreigings van die buiteland en oënskynlik van plan om van sy bondgenote te vervreem.

Wat het gelei tot hierdie *dramatiese omverwerping* en wat hou die toekoms in vir twee nasies wat saam met hulle verwante lande, die wêreld vir twee eeue oorheers het? Nader ons 'n ander *kritieke keerpunt* in die wêreldgeskiedenis? Terwyl geleerdes die betekenis van hierdie belangrike veranderings debattee, besef min mense vandag dat Bybelse profesieë lankal reeds voorspel het dat hierdie opvallende gebeure sal plaasvind. Die Bybel openbaar ook *waarom* hierdie merkwaardige verskuiwings plaasvind en wat voorlê vir die lande wat sommige mense die Anglosfeer noem – die Engelssprekende nasies regoor die wêreld.

Stygende koor van waarskuwings

Gedurende die afgelope paar dekades het 'n toenemende aantal waarnemers gefokus op die *ontstellende tekens van verval* wat oor die Westerse wêreld, veral in die Engelsprekende nasies, versprei het. Meer as 20 jaar gelede het Regter Robert Bork 'n “boek oor die verval van Amerika”, *Slouching Towards Gomorrah* uitgegee, wat Amerika beskryf het as 'n nasie op 'n “afwaartse baan” en “op die pad na 'n kulturele ramp”. Regter Bork het as universiteitsprofessor in die 1960's die idees gesien van politieke radikaliste wat die Amerikaanse samelewing deurdrenk het en 'n teelaarde geskep het vir rassespanning, onwettige geboortes, wydverspreide dwelmmisbruik, die afstootlike vertoon van seksualiteit en toenemende gewelddadige vermaak. Sy gevolgtrekking was: “Gomorrah is ons waarskynlike bestemming” (bl. 343), verwysende na die antieke Bybelse stad wat bekend gestaan het as 'n sentrum van losbandigheid, wat deur God saam met die stad Sodom vernietig is (Génesis 19:24-25).

'n Paar jaar later het die Engelse joernalis, Peter Hitchens, *The Abolition of Britain* gepubliseer, waarin hy die pogings van liberale politici beskryf om kulturele tradisies in Brittanje omver te werp deur die grondslag van die huwelik en gesin te ondermyn en om porno-

grafie, prostitusie en homoseksualiteit aanvaarbaar te maak. Hierdie dinge, het hy geglo, sal “'n groot beskawing ... op die rand van uitwissing” plaas (bl. xi). Sy bekommernisse is 'n dekade later herhaal deur Melanie Phillips, 'n bekroonde rubriekskryfster vir Londen se *Daily Mail*, in haar boek, *The World Turned Upside Down: The Global Battle over God, Truth and Power*. Me. Phillips het beskryf hoe die verspreiding van sekulêre humanisme, saam met morele en kulturele relativisme, die opkoms gefasiliteer het van die *New Age* kultusse en die terugkeer na heidendom, hekserie en astrologie “in Brittanje se multikulturele geluksaligheid” en hoe die moderne liberale aanval op die tradisionele Judeo-Christelike waardes – wat die grondslag vir die Westerse beskawing was – niks anders as 'n “Sekulêre Inkwisisie” en “Kulturele Totalitarisme” (bll. 97-98) is nie. Gesamentlik het hierdie ingrypende veranderings bygedra tot wat in haar boek beskryf word as “Brittanje se na-oorlogse kulturele selfmoord” (bl. xi).

In Amerika het die geleerde ekonoom en sosiale teoretikus Thomas Sowell, *Dismantling America* gepubliseer waarin hy die feit betreur het dat baie mense vandag blind is vir die lesse van die geskiedenis en in gebreke bly om die ooreenkomste tussen die agteruitgang

en verval van die Romeinse Ryk en dit wat gebeur in Amerika en die Weste, in te sien. Volgens Sowell kyk ons na die “degenerasie van ons kultuur” (bl. viii). Patrick Buchanan, 'n adviseur van drie presidente, het dieselfde onderwerp aangespreek in *Suicide of a Superpower* toe hy geskryf het: “Amerika is besig om uitmekaar te val ... Ons nasie is besig om te verbrokkel, etnies, kultureel, moreel, polities ... Wat ons eens verenig het, is besig om uitmekaar te val. Dit geld vir die Westerse beskawing” (bll. 2, 7). Hy noem die toenemende bedreiging van skuld wat handuit geruk het, die tragiese dood van 'n hoofsaaklik Judeo-Christelike kultuur in Amerika en die verdeeldheid wat voortspruit uit die aanbidding van diversiteit. Buchanan kom tot die gevolgtrekking: “Amerika het die kenmerke van 'n dekadente samelewing en van 'n nasie op 'n afdraande pad aangeneem” (bl. vii). As gevolg van die kultuuroorloë van die 1960's, is Amerika “'n huis wat onderling verdeeld is” (bl. 408) wat uiteindelik sal val (sien Matthéüs 12:25).

Die vooruitsig van die pad vorentoe vir ander Anglosfeer-nasies is ewe veelseggend. Die BBC-korrespondent Nick Bryant wys daarop dat as gevolg van die “onsekerheid in Westminster en iets na-aan chaos in Washington ... kan nie Brittanje of Amerika met sterk en stabiele regerings spog nie” (BBC.com, “*The end of the Anglo-American order?*,” 9 Junie 2017). Hy skryf: “Hierdie Engelssprekende nasies praat nie meer luidkeels [soos Churchill] nie en die res van die wêreld slaan nie meer daarop ag nie”. In sy boek *The Rise and Fall of Australia*, merk Bryant op dat kortsigtige

leierskap deur politici wat hulleself bevoordeel, baie geleenthede vir die “land daar onder” vermors het. 'n Artikel in die *Brussels Journal*, met die titel “*The Decline of the English-Speaking World*”, sê “die Engelssprekende wêreld lei tot die disintegrasie van die Weste, ideologies en demografies. Die hele Weste is siek, maar die Anglosfeer is sieker as die meeste”.

Oorsaak en gevolg – Die Bybelse perspektief

Wat het die afname van die Anglosfeer-nasies egter met die Bybel te doen en *waarom* gebeur dit juis nou? Baie mense het vandag vergeet dat God die verloop van die geskiedenis lei (Daniël 4:17, 25, 32) en Hy alleen kan laat plaasvind wat Hy voorspel het (Jesaja 46:8-11). Moses het opgeteken dat die verbond wat God met die antieke Israeliete aangegaan het seëninge geprofeteer het vir gehoorsaamheid en gevolge vir ongehoorsaamheid aan Sy Wette (sien Levitikus 26 en Deuteronomium 28). Net soos die antieke Israeliete hulle rug op God gedraai het ... so het ook die moderne afstammeling van Israel wat in die nasies van die Anglosfeer woon. God profeteer van die Israelitiese nasies dat, omdat hulle hul rug op God en Sy weë gedraai het, sal hulle “verderflik handel ... sodat die onheil julle aan die einde van dae sal teëkom” (Deuteronomium 31:27-29), wat akkuraat beskryf wat deesdae gebeur. As gevolg van ongehoorsaamheid aan God word aan ons verduidelik: “Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër oor jou opklim, en jy sal laer en laer afsak ... hy sal die kop en jy die stert wees ... totdat jy verdelg is” (Deuteronomium 28:43-45).

Jesaja het eeue gelede geprofeteer dat die sondige nasie van Israel God verlaat het en hulle was van kop tot tone siek (Jesaja 1:3-6). Hierdie woorde beskryf die moderne Anglosfeer-nasies van vandag. Die profeet verkondig: “Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg” (Jesaja 5:20) en die profeet Jeremia het herhaaldelik gesê dat die antieke Israeliete gestraf sal word omdat hulle God vergeet het en Sy weë verlaat en afvallig geword het (bv. Jeremia 2:13; 3:21). Die Russiese romanskrywer, historikus en sosiale kritikus, Alexander Solzhenitsyn, het dieselfde woorde gebruik toe hy in sy 1983 Templeton-toespraak gesê het dat die ongekende ewels van die twintigste eeu te danke is aan 'n eenvoudige feit: “Die mens het God vergeet en dit is waarom dit alles gebeur het”. Die profeet Hosea het 'n tyd vooruitgesien wanneer die Israelitiese nasies die Wette van God as iets “vreemd” sou beskou (Hoséa 8:12). Vandag, in die Anglosfeer-nasies word die Bybelse konsep van die huwelik en Bybelgebaseerde geboorte, soos dié teen ower-spel, hoerery, vloek en homoseksualiteit as outydse en onderdrukkende wette beskou wat afgeskaf moet word – ons sien ook die tragiese resultate.

Ons is op pad na Gomorra en die toekoms lyk nie goed nie. Bybelse profesieë dui daarop dat die nasies van Britse afkoms wat die lesse van die geskiedenis ignoreer, sal maai wat hulle gesaai het (Galásiërs 6:7). Die ondergang van die Anglosfeer sal 'n ontnugterende keerpunt in die geskiedenis wees en 'n les vir die wêreld (Deuteronomium 28:37). **WvM**

VIGS kan gestop word

Deur Scott D. Winnail

'n Groot deel van die Westerse wêreld het vergeet van HIV hoewel dit steeds voortgaan om miljoene lewens te verwoes. Daar is egter 'n gewaarborgde manier om dit vir ewig te beëindig.

Die getalle van seksueel oordraagbare infeksies styg oor die hele wêreld en het in sommige plekke *epidemiese* vlakke bereik! Wanneer was die laaste keer dat u van MIV of VIGS gehoor het? Die wêreldwye ramp van VIGS – asook MIV, die virus wat dit veroorsaak – is deur die media in ontwikkelende lande opsy gestoot, ondanks die feit dat 'n groot aantal mense elke jaar MIV opdoen. Hierdie dodelike siekte is nog *steeds* hier en saai nog *steeds* verwoesting in ontwikkelende lande.

Kan VIGS ooit gestop of voorkom word? Die opwindende en selfs “ongemaklike waarheid” is “*ja, dit kan!*” Het u geweet dat regerings- en gesondheidsagentskappe regoor die wêreld, met inbegrip van die beroemde Wêreldgesondheids-organisasie (WHO) en die Amerikaanse Sentrums vir Siektebeheer en Voorkoming (CDC), presies weet hoe om die verspreiding van MIV en VIGS onmiddellik te staak? Nogtans weier wêreldregerings en gesondheidsagentskappe om te pleit vir die enigste bewese metode van MIV/VIGS-voorkoming. Die openbare joernaal vir gesondheidsbeleid, *Health Affairs*, het in 2009 berig dat die koste om die siekte slegs in die ontwikkelende lande te be-

handel, teen 2031 jaarliks \$35 miljard kan beloop. Waarom weier die wêreldleiers en die belangrikste gesondheidsinstansies om die eenvoudigste en sekerste uitweg te volg om hierdie epidemie hok te slaan? Waarvoor is hulle bang?

Die omvang van MIV/VIGS-infeksie

Alhoewel die algehele aantal nuwe MIV-gevalle volgens die CDC gedaal het, was daar in 2016 nagenoeg nog steeds 1,8 miljoen *nuwe* gevalle wêreldwyd. MIV is die virus wat die siekte veroorsaak wat bekend staan as VIGS. *Een miljoen* mense sterf jaarliks aan VIGS en daar is 37,6 miljoen mense wat nou met MIV leef. Sedert die epidemie rondom 1981 begin het, het 35 miljoen mense aan VIGS-verwante siektes gesterf – 'n getal wat gelykstaande is aan die bevolking van Pole, die Soedan of die staat Kalifornië. Wát as die hele bevolking van een van hierdie nasies of die staat Kalifornië heeltemal uitgewis sou word? Dit is die wêreldwye impak van VIGS in net die afgelope 37 jaar.

Mense in *ontwikkelde* lande ervaar ook MIV-infeksies, maar teen baie laer koerse as dié in die *ontwikkelende* wêreld. Moontlik is dit waarom diegene in ontwikkelde lande deesdae so

min van VIGS hoor. Volgens die CDC dra “Afrika, suid van die Sahara, die grootste las van MIV/VIGS, met tweederdes van die wêreldwye aantal nuwe MIV-infeksies in 2016. Ander streke wat betekenisvol geraak word deur MIV/VIGS, sluit in Asië, die Stille Oseaan, Latyns-Amerika, die Karibiese Eilande, Oos-Europa en Sentraal-Asië”. In Mei 2018 was daar 'n artikel in die *New York Times* met die volgende opskrif: “VIGS woed onbeheerst voort in Venezuela en plaas 'n antieke kultuur in gevaar”. Die *Times* het berig: “Die siekte bedreig 'n hele inheemse bevolking, die Warao-volk van die Orinoco Delta omdat regeringsprogramme ineenstort”. Venezuela is maar een van baie nasies wat deur VIGS oorrompel word.

VIGS weeskinders is 'n ander groep slagoffers wat in die afgelope jare wêreldwye aandag getrek het. Volgens die internasionale liefdadigheidsorganisasie “VIGS Weeskinders”, is daar wêreldwyd soveel as 25 miljoen VIGS-weeskinders. Wát as **nie een** van hierdie 25 miljoen weeskinders nodig gehad het om die VIGS-verwante dood van hulle vader of moeder of albei, te ervaar nie? Hoe anders sou hulle kinderjare en hulle lewens nie gewees het nie?

Geskiedenis van VIGS

Volgens *AIDS.gov*, was MIV en die uitbraak daarvan wat ons nou sien, die eerste keer wêreldwyd deur seldsame, opportunistiese infeksies geïdentifiseer wat in 1981 in *oënskynlik gesonde* homoseksuele mans voorgekom het. Binne 'n jaar het VIGS-simptome by babas verskyn wat besmette bloed deur bloedoortappings ontvang het. Minder as 'n jaar later, in 1983, het openbare gesondheidsondersoeke ontdek dat MIV – die virus wat VIGS veroorsaak – ook versprei is deur heteroseksuele kontak.

Tussen 2002 en 2011 het MIV-infeksiesyfers onder elke bevolkingsgroep in die Verenigde State afgeneem – behalwe onder homoseksuele mans (*Journal of the American Medical Association*, 23/30 Julie 2014). Onder homoseksuele mans tussen 13 en 24 en ouderdom 45 en hoër, het MIV-getalle toegeneem. Onder die 13 tot 24-jariges spesifiek, het MIV-infeksies meer as 130% toegeneem (*ibid.*). Volgens *CDC.gov*, het daar in 2016, 77% van die nuwe VIGS-gevalle in die VSA onder homoseksuele en biseksuele mans en dwelmgebruikers wat die dwelm inspuit voorgekom, terwyl 23% in heteroseksuele mans voorgekom het.

Volgens die VN spuit meer as 13 miljoen mense wêreldwyd dwelms in. Die VIGS-virus, MIV, word deur seksuele kontak met 'n besmette persoon versprei, deur besmette naalde te deel, van moeder tot kind tydens

swangerskap, kindergeboorte of deur borsvoeding en deur middel van besmette bloedoortappings. Die uiteinde is egter dat HIV 'n *seksueel-oordraagbare* besmetting of 'n SOI is. Net soos ander SOI's, is gedragpatrone die beste manier om hierdie dodelike siekte te beheer en te voorkom – soos selfs die beste openbare gesondheidsagentskappe weet en ook so onderrig. Daar is egter **een** bewese metode van MIV/VIGS-voorkoming, wat openbare gesondheidsagentskappe en regerings *heeltemal ignoreer* omdat dit nie *politiek korrek* is nie. Dit is 'n etiese optrede wat toenemend verban is in ons moderne samelewing.

Die Wêreldgesondheidsorganisasie het 'n lys van ses sleutelvoorkomingstrategieë opgestel wat bestem is om die voorkoms van MIV en VIGS te verminder. Dit is:

1. Manlike en vroulike kondoomgebruik
2. Toets en berading vir MIV en Seksueel Oordraagbare Infeksies
3. Vrywillige mediese manlike besnydenis
4. Antiretrovirale geneesmiddel terapie
5. Gebruik van naald-uitruilprogramme vir intraveneuse dwelmgebruikers
6. Vermindering van moeder-kind MIV-oordrag (met inbegrip van toediening

van antiretrovirale medikasie aan swangermoeders).

Wat is die *opvallende weglating* uit hierdie lys van voorkomende VIGS-strategieë? Terwyl die WGO mediese manlike besnydenis as 'n MIV/VIGS voorkomingstegniek voorstaan – alhoewel dit in baie kringe politiek verkeerd is – het hulle nie die moed om die **een** aksie wat die goedkoopste en *effektiefste* MIV/VIGS voorkomingstrategie beskikbaar is, sterk aan te beveel nie: **Beperking van seksuele aktiwiteit tot 'n monogame huwelik tussen 'n man en sy eie vrou!**

Die Bybelse sleutel om VIGS te stop!

Ongeveer 3,500 jaar gelede het God, deur Sy profeet Moses, eenvoudige wette en insettinge gegee om Sy volk **uniek** en geseënd onder die nasies te maak. Baie van hierdie opdragte het betrekking op openbare gesondheid en maatskaplike infrastruktuur gehad, behalwe dié ter aanvulling van hulle godsdienstige gebruike.

In Exodus 15:26 beloof God: “As jy getrou na die stem van die HERE jou God luister en doen wat reg is in sy oë, en luister na sy gebooie en al sy insettinge hou, dan sal Ek **geeneen van die siektes** op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; want Ek is die HERE wat jou gesond maak.”

Die Antieke Egiptiese geskiedenis toon dat hulle baie van dieselfde siektes gehad het

as dié wat ons moderne samelewing teister, met inbegrip van hartsiektes, kanker, SOI's en ander aansteeklike siektes. God het aan Israel gesê dat *indien hulle Sy Wette sou gehoorsaam*, Hy hulle teen allerhande siektes sou beskerm. Het God egter bonatuurlike beskerming beloof in ruil vir onderdanigheid of was daar meer daaraan verbonde?

Levitikus 26:14-16 waarsku: “Maar as julle nie na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie; en as julle my insettinge verwerp, en as julle siel van my verordeninge 'n afsku het, sodat julle nie al my gebooie doen nie en my verbond verbreek — dan sal Ek dit ook aan julle doen: Ek sal verskrikking oor julle beskik: **die tering [of degeneratiewe siektes] en die koors wat die oë verteer en die lewe laat versmag ...**” Dit is 'n aanduiding van die simptome van sommige van die opportunistiese infeksies wat slagoffers van VIGS doodmaak. Hierdie siektes vernietig die immuunstelsel en veroorsaak dat die liggaam wegteer, soms letterlik die “vlees” en selfs die oë “wegteer” en dat die hart uiteindelik ophou klop.

Dit is belangrik om te onthou dat die Here van die Israeliete dieselfde Een is wat later Jesus Christus geword het. Hy is die Verlosser van wie die apostel Paulus in Hebreërs 13:8 gesê het dat Hy “gister en vandag dieselfde is, en tot in ewigheid.” Hy was dieselfde Wese as wat Hy vandag is en vereis nog dieselfde gehoorsaamheid as

3,500 jaar gelede. Hy wil diegene wat vandag gehoorsaam is, seën deur “nie een van hierdie siektes” op hulle te lê nie (Exodus 15:26), net soos Hy met die Israeliete van ouds wou doen.

Dit is ontnugterend om te besef dat hierdie Bybelse *sleutel* om VIGS te voorkom die een is wat wetenskaplikes, dokters en regeringsamptenare *weet* sal werk, maar te bang is om dit aan te moedig. Die meeste amptenare bedoel dit goed en wy hulle roeping daaraan om mense te help, maar hulle vermy dit totaal om hierdie kragtige voorkomingsmetode aan te beveel.

In die Bybel gee Exodus in hoofstuk 20 die Tien Gebooie. In vers 14 van daardie hoofstuk gee God 'n kort, duidelike opdrag wat, indien dit gehoorsaam word, die verspreiding van MIV/VIGS en feitlik *alle* SOI's sal stop! Die opdrag se vyf eenvoudige woorde is: “**Jy mag nie egbreek.**” Jesus het hierdie opdrag in Matthéüs 19:17-18 herhaal. Die apostel Paulus het dit in 1 Korintiërs 6:18 nog sterker beklemtoon toe hy gesê het: “Vlug vir die hoerery.”

Vandag is “egbreuk” en “hoerery” verouderde terme. Ironies genoeg verloor hulle hulle betekenis omdat die definisie van die huwelik ook verander het. Om God se maatreël ter voorkoming beter te verstaan, moet ons verstaan wat owerspel of egbreek en hoerery volgens die Bybel beteken.

Omskrywing van “verouderde” woorde

Om egbreek en hoerery te verstaan, moet ons besef wat hulle oorsprong in die Bybelse omskrywing van die huwelik is. God het die huwelik in Génesis 2 omskryf as tussen *een man* en *een vrou*. Hierdie heteroseksuele huweliksverhouding was ontwerp om 'n “goddelike nageslag” voort te bring (Maleági 2:15). God het ook die huwelik ontwerp as 'n middel om 'n man en sy vrou te help om *een liggaam* te word, fisies en geestelik (Génesis 2:24, 1 Korintiërs 6:16). 'n Monogame heteroseksuele huwelik is die *enigste plek* wat God bedoel het vir 'n seksuele verhouding. Hy is die *Ewige* wat seks in die eerste plek ontwerp het! Hy het seks as 'n *seën* vir 'n man en sy vrou *binne* die huwelik ontwerp. Hy het alle reg om te bepaal *hoe* en *wanneer* dit gebruik mag word. *God het bevel gegee dat* seks buite die huwelik *nie* mag plaasvind nie – nie net *voor* die huwelik nie (dit is hoerery), maar ook nie met iemand anders as u huweliksmaat *nadat* u getroud is nie (dit is owerspel).

Hoe doeltreffend sou seksuele verhoudings in 'n monogame huwelik tussen een man en sy vrou die verspreiding van SOI's soos sifilis, menslike papillomavirus (genitale vratte en servikale kanker), gonorree, herpes, hepatitis B en MIV/VIGS voorkom het? Die duidelike antwoord is dat hierdie siektes wesenlik binne 'n generasie sou verdwyn!

Waarom maak beperking

van seks in 'n huwelik tussen een man en een vrou mense so kwaad? Miskien wil niemand voorgesê word dat daar 'n "regte" en 'n "verkeerde" manier is om te lewe nie. Die mensdom wil die vryheid hê om sy eie keuses te maak terwyl hy ook die gevolge ignoreer. Die pynlike werklikheid is egter dat ons optredes *altyd* gevolge het. In die geval van seksuele aktiwiteite buite die huwelik, is sommige van hierdie gevolge dodelik!

Génesis 1:26 herinner ons daaraan dat God die mens na Sy beeld geskape het. God het ons ontwerp om baie siektes en selfs vorms van seksueel verwante depressie te vermy, *indien* ons kies om binne Sy definisie van die huwelik te leef. God wil ons en ons lewens seën. Hy is nie 'n selfsugtige en egoïstiese God wat in die skadu rondsluip en wag om op ons toe te slaan wanneer ons Sy gebooie

verbreek nie. God het Sy Gebooie aan ons gegee om ons te *beskerm* en te *seën* (Deuteronomium 5:33), nie om ons te beperk en te straf en ons vryhede in te kort, soos baie mense verkeerdelik beweër nie.

Die hartseer ironie van MIV en VIGS is dat die Bybel *die* oplossing het waarna die hele wêreld smag – 'n oplossing wat ons wêreldleiers *weet* sal werk. Geen regdenkende kenner van volksgesondheid sal ontken dat die beperking van seksuele verhoudings tot 'n monogame, heteroseksuele huwelik, die verspreiding van 'n menigte van SOI's, met inbegrip van VIGS, sou verhoed nie! Die Bybel beskryf voorkomende gesondheidsgedrag wat feitelik 100% effektief is om VIGS en ander SOI's te stop en ons leiers weet dat dit sal werk! Wat ook opwindend is, is dat hierdie Bybelse voorkomende middels geen kontra-indikasies en geen

nadelige newe-effekte het nie. Ongelukkig is te veel van ons leiers nie geïnteresseerd in die gesondheid van *hulle* mense nie. Hulle is meer geïnteresseerd in die werwing van stemme om hulleself in hulle amp te hou. Gevolglik het hulle natuurlik nie die moed om die politieke en maatskaplike teenreaksie te hanteer wat sou volg indien hulle sou toelaat dat die goddelike voorkomingspogings aangemoedig word nie.

'n Visie van die toekoms

Hoe sou die wêreld dus wees indien mense werklik die sewende gebod onderhou het: "Jy mag nie egbreek nie"? Stel u voor hoe die samelewing sou wees indien seksuele verhoudings *net* binne 'n huwelik tussen een man en sy vrou sou plaasvind. Hoe sou dit *tienswangerskappe* beïnvloed? Hoe sou dit die verskynsels van *afwesige vaders* en *enkel-*

Genees God VANDAG?

Die Bybel toon aan ons dat daar 'n dag kom wanneer siekte-epidemies ons wêreld sal teister. Dokters en hospitale sal oorval word deur siekes en sterwendes. Diegene wat nie geleer het om op God te vertrou nie, sal geen heenkome hê nie. Indien u egter vandag leer om op God te vertrou en Hom gehoorsaam, sal u geseënd wees, moontlik selfs meer as wat u besef!

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

ouergesinne beïnvloed? Wat sou gebeur met die wydverspreide en emosioneel verwoestende gruweldaad van *verkragting*? Hoe sou lewens en samelewings verander word indien *alle* kinders kon grootword in 'n gesin met 'n liefdevolle vader *en* moeder – albei teenwoordig omdat hulle nie aan VIGS gesterf het nie? Hoe anders sou gesinne gewees het indien hulle nie 'n geliefde moes sien sterf van VIGS-verwante aftakelende siektes nie? Die meeste van die 35 miljoen mense wat aan Vigs gesterf het, het gesinne gehad wat gely het wanneer hulle moes toekyk hoe geliefdes sterf. Baie kinders het toegekyk hoe hulle ouers sterf. Dieselfde lyding gaan vandag voort oor die wêreld heen. Hoe anders sou die wêreld vandag gewees het indien hierdie 35 miljoen mense *nie* gesterf het nie? Hoe anders sou die lewens van hulle gesinne en vriende gewees het indien *hulle* nie so 'n gruwelike verlies ervaar het nie?

Die lyding wat uit MIV/VIGS en die meeste ander SOI's voortspruit hoef nie plaas te vind nie. Dit is heeltemal voorkombaar! Hierdie lyding *sal* in die nabye toekoms voorkom word, wanneer Jesus Christus weer kom en Sy Koninkryk op hierdie aarde vestig wat ten volle gebaseer sal wees op Sy liefdevolle, *lewegewende* Wette – Wette wat God verduidelik, vir ons *eie* beswil ontwerp is (Deuteronómium 10:13). Is dit nie die tipe lewe waarna almal op aarde werklik smag nie?

Een van die voormalige dinge wat sal verbygaan wanneer God se Wette ten opsigte van die huwelik ten volle onderhou word, is hierdie verskriklike siekte wat ons VIGS noem. Dit sal verbygaan omdat die leiers van hierdie toekomstige samelewing die moed, wysheid en liefde vir die mense oor wie hulle regeer sal hê, om hulle die waarheid te vertel oor hoe om sulke onnodige lyding te voorkom en hoe om 'n vreedsaamer en oorvloediger lewe te

leef. Hoe baie verlang *u* daarna om deel van so 'n samelewing te wees? Hoe innig hoop *u* op 'n tyd wanneer mense nie meer sal ly nie? Verlang *u* na 'n tyd wanneer die lot van VIGS-weeskinders een van die *eertydse dinge* sal wees waarna daar slegs in geskiedenisboeke verwys sal word?

In die Bybel gee God aan ons kragtige sleutels om siektes en die onvermydelike gevolge daarvan te vermy en te beëindig. Alhoewel die samelewing vandag nie belangstel nie, kan *u* kies om Sy Bybelse aanwysings noukeurig te volg. Indien *u* kies om dit te doen, is dit moontlik om baie van die seëninge betreffende gesondheid te beleef wat met gehoorsaamheid aan God se Wette en voorskrifte gepaard gaan.

Vir 'n meer gedetailleerde visie van hoe die lewe kan verander indien ons die gesondheids- en ander riglyne van die Bybel volg, vra vir ons boekie, *Die Wêreld van Môre: Hoe sal dit daar uitsien?* **WvM**

Die Wêreld van Môre: Hoe sal dit daar uitsien?

***God se Regering sal binnekort na hierdie aarde kom! Hoe sal dit u raak?
Wat is die ware toekoms waarop u uself behoort voor te brei?***

Skryf in of skakel ons vandag nog om u eie kopie van hierdie uiters noodsaaklike boekie te bekom!

Indien ek 'n ryk man was

Wat is u beste belegging?

Deur Brian Pomicter

Wát as geld geen probleem was nie? Wie het nog nie hierdie vraag van 'n vriend of kennis gehoor nie? Wat sou u antwoord wees? Sou u besluit om te reis, 'n huis te koop of u verband af te betaal? Sou u “partytjie-mal” word of sal u 'n aansienlike bedrag in die bank belê?

Mense in ons Westerse kultuur bewonder dikwels ander mense wat finansiële suksesvol is. Net omdat iemand geld gemaak het, beteken nie noodwendig dat hulle suksesvol is nie.

Baie mense wat skielik ryk word – in die situasie waar keuses nie beperk word deur 'n gebrek aan geld nie – is net 'n kort tydjie beter daaraan toe. Die voordele wat kom met onverwagte rykdom, duur dikwels nie lank nie.

'n Paar jaar gelede het die skrywer Sheri Masters 'n interessante waarneming gemaak:

Statistieke oor die impak van skielike rykdom is maar donker: Die koers waarteen loterywenners aansoek doen om bankrot verklaar te word binne vyf jaar nadat hulle gewen het, is volgens 'n studie deur ekonome aan die Universiteit van Kentucky, die Universiteit van Pittsburgh en die Vanderbilt Universiteit twee keer meer as dié van die algemene bevolking. *Sports Illustrated* het berig dat 78% van voormalige NFL-spelers bankrot is of finansiële probleme ondervind binne twee jaar na aftrede. Onderhoude deur die Williams-groep met meer as 2,000 families wat deur boedelbeplanning en die oordrag van hulle rykdom

gegaan het, het getoon dat 70% van die gesinne beheer oor hulle bates verloor het – sowel as eensgesindheid in die familie – in die eerste geslag ná die oordrag (*Wells Fargo: Conversations*, 11 November 2012).

Een aanlyn-hulpbron, *Investopedia*, het *Skielike Rykdom-sindroom* gedefinieer as “'n sindroom wat individue wie skielik groot somme geld bekom het, kwel” – soos byvoorbeeld diegene wat die lotto wen. Die definisie gaan voort: “Om skielik ryk te word kan vir 'n individu spanning veroorsaak. Die simptome sluit in: Hulle voel meer geïsoleerd van vorige vriende, skuldgevoelens oor hulle geluk en 'n geweldige vrees om al hulle geld te verloor”.

Sommige individue ervaar selfs vorms van 'n identiteitskrisis, wanneer hulle besluite neem of hulle voel beïnvloed deur kragte en ervarings wat baie anders is as wat hulle ooit verwag het (of waarop hulle voorbereid was) om teë te kom in hulle lewe voordat hulle “onverwagsgeld” gekry het.

Geld kan 'n seën of 'n vloek wees, afhangende van hoe dit gebruik word. Die misbruik van geld kan beslis lei tot droefheid en tragedie – gevolge wat lank nog bly voortbestaan nadat die geld weg is.

Jesus Christus het raad gegee oor die mens se gesindheid ten opsigte van rykdom. Hy sê: “Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed van sy

besittings nie” (Lukas 12:15). Uit wat anders behoort u lewe te bestaan?

Daar word gesê dat 'n persoon gewoonlik nie tegelykertyd tyd en geld het nie. Indien u egter 'n mate van rykdom het, dan het u ook 'n mate van tyd. Wat is dan u beste belegging?

In die gewilde musiekblyspel “*Fiddler on the Roof*” sing die hoofkarakter, Reb Tevye, die liedjie, “*If I Were a Rich Man*”. Hier is 'n paar van die lirieke: “Indien ek ryk was, sou ek die tyd hê waarvan ek nou te min het om in die sinagoge te sit en bid. En om miskien 'n sitplek te hê by die Oostelike muur. Ek sou ook elke dag die heilige boeke vir 'n hele paar uur met die geleerde manne bespreek. Dit sou die lieflikste ding van alles wees”. Vir Reb Tevye, sou die nastrewing van die beginsels wat in die Heilige Skrif gevind word, die lieflikste ding van alles wees. U kan ook baat vind by dieselfde soort genot.

U beste belegging, ongeag rykdom, word uiteindelik in u Bybel gevind, in ons soeke na die rykdom wat nie met die tyd verminder nie. Soos mnr. Richard Ames in ons *Wêreld van Môre* beeldsending, “*Vital Keys for Bible Study*” gesê het: “Die Bybel kan u lewe verander as u weet hoe om dit te bestudeer. Bybelstudie kan opwindend, altyd nuut en relevant wees, indien u die Bybel se eie leiding op u studie toepas”. U mag dalk oorweeg om na die *Tomorrow's World [Wêreld van Môre]* se uitsendings op die YouTube-kanaal te kyk. **WvM**

Is Darwin se evolusieteorie tot niet?

Ontdekkings op die gebied van mikrobiologie het die spel gewysig

Deur Gerald E. Weston

Ons kultuur is deurdrenk met die aanspraak van Darwin se evolusieleer: Dit is dat natuurlike seleksie wat op mutasies reageer wat plaasvind as gevolg van blote toeval, verantwoordelik is vir lewe op ons planeet – geen God is nodig nie. Wanneer ons egter die kleinste eenheid van lewe – die sel – indringend ondersoek sien ons nie 'n wêreld wat enigsins verband hou met dit wat deur “blote toeval” voortgebring sou kon word nie! Ons sien in plaas daarvan 'n komplekse en merkwaardige wêreld van molekulêre ingenieurskap wat na 'n Opperste Ontwerper verwys.

Is Darwin se evolusieleer die vasgestelde feit soos wat dit aan u vertel was? Is daar dalk 'n rede om Darwin se teorie te betwyfel? Baie ontdekkings wat in die afgelope halfeeu gemaak is, bevraagteken die gedagte dat lewe, soos ons dit ken, moontlik die gevolg kon wees van blote toeval. Een wetenskaplike met 'n PhD in molekulêre en sellulêre biologie betwyfel beslis daardie moontlikheid.

In 'n onderhoud met Lee Strobel het dr. Jonathan Wells gesê: “Die getuienis vir Darwinisme is nie net heeltemal onvoldoende nie, dit word stelselmatig verdraai. Ek is daarvan oortuig dat een of ander tyd in die nabye toekoms – ek weet nie wanneer nie, dalk so twintig of dertig jaar van nou af – mense met verbasing sal terugkyk en sê: 'Hoe kon enigiemand dit geglo het?' Darwinisme is bloot materialistiese filosofie in die vormomming van wetenskap en mense is besig om dit te herken vir wat dit

is” (The Case for a Creator, Strobel, bl. 79).

Daar is 'n voortdurende swartsmeerdery teen Wells, soos wat daar is teen enige wetenskaplike wat die god van Darwinisme bevraagteken, maar feite is feite en enige mens wat werklik objektief en ernstig na die bewyse kyk, behoort tot die gevolgtrekking te kom dat Darwinisme nie die ondebatterbare saak is wat stoere evolutioniste wil hê u moet glo nie. Indien proefondervindelike bewyse nie aan Darwin se kant is nie, het dit ernstige implikasies vir die vraag van hoe ons hier gekom het en of daar 'n doel vir ons bestaan is.

Soos Michael Denton tereg skryf,

“Die idee [van evolusie] het gekom om elke aspek van die moderne denke aan te spreek. Geen ander teorie het in die afgelope jare meer gedoen om die manier waarop ons onself en ons verhouding tot die wêreld

rondom ons sien, te vorm nie ... Die oorwinning wat evolusie behaal het, het die einde beteken van die tradisionele geloof in die wêreld as 'n doelgerigte geskape orde – die sogenaamde doelleer wat vir twee millennia oorheersend was in die Westerse wêreld ... Enige bewering dat daar iets ernstigs met die Darwinistiese beskouing van die natuur verkeerd kan wees, sal verseker openbare aandag trek. Indien bioloë nie die fundamentele aansprake van Darwinisme waarop soveel van die samestelling van twintigste-eeuse denke berus, kan staaf nie, dán is die intellektuele en filosofiese implikasies werklik ontsaglik”. (Evolution: A Theory in Crisis, bl. 15-16).

In die Januarie-Februarie Wêreld van Môre-uitgawe van 2018 het ek gevra: “Het die dinosourusse God doodgemaak?” Natuurlik is die vraag verregeande, maar dit het 'n

belangrike punt uitgelig. Baie mense glo dat die fossielrekord – bewyse van die wêreld van dinosourusse – Darwin se teorie van evolusie ondersteun, terwyl die presiese teendeel waar is. Weereens volgens Denton:

Die algehele prentjie van lewe op Aarde vandag is so onderbroke, die gapings tussen die verskillende tipes so voor die hand liggend, dat soos Steven Stanley ons in sy onlangse boek *Macroevolution* herinner, indien ons kennis van biologie beperk was tot daardie spesies wat tans op Aarde bestaan, “mag ons wonder of die evolusieleer sou kwalifiseer as enigets meer as 'n verregaande hipotese”. Sonder intermediêre of oorgangsvorms om die enorme gapings te oorbrug wat bestaande spesies en groepe organismes van mekaar skei, kan die konsep van evolusie nooit ernstig as 'n wetenskaplike hipotese beskou word nie (Denton, bl. 157-158).

Die gebrek aan oorgangsvorms of om dit anders te stel, die gebrek aan ontbrekende skakels, wat baie miljoene sou moes wees vir evolusie om waar te wees, is slegs een van die vele probleme met hierdie teorie.

U is nie die enigste een nie!

Evolusioniste hou nie van die term blote toeval nie en sou verkies om hulle saak as spontane natuurlike kragte aan te bied, wat gewerk het om alle lewensvorme wat ons vandag sien, te bewerkstellig. Indien

blote toeval egter verwerp word, waarom dan Richard Dawkins se boek met die titel: *The Blind Watchmaker?* Die blote omskrywing van evolusie is geen intelligente vergissing nie. Dit werk sogenaamd deur middel van omgewingsfaktore wat op toevallige mutasies reageer, wat oor die algemeen beskou word as onvoorsiene faktore. Dit is derhalwe blote toeval – maak nie saak hoe iemand dit wil verdraai nie!

Onweerlegbare feite is besig om die wêreld van die wetenskap onderstebo te keer en baie voormalige evolusioniste en ateïste is besig om hulle vertroue in “blote toeval” te verloor. Die navorsingsjoernalis, Lee Strobel, is een van die meer bekendes onder die Darwin-skeptici. Sy verhaal is soos baie ander. Hy het tevore vas geglo in evolusie en was soos die meeste – maar sekerlik nie almal nie – ware aanhangers van die evolusieleer, 'n ateïs. Hy erken dat hy op die arme godsdienstige siele neergesien het wat so onkundig was dat hulle verwerp het wat die wetenskap lankal bewys het. Nadat hy egter deeglike navorsing oor die onderwerp gedoen het, het hy sy bevindings in *The Case for a Creator* geskryf.

In hierdie boek beskryf hy hoe 100 wetenskaplikes uit 'n verskeidenheid hoogs gespesialiseerde wetenskaplike vakgebiede, met PhD's van bekende en hoog aangeskrewe universiteite, gereageer het op 'n PBS-reeks van 7 aflewings wat beweer het dat “alle be-

kende wetenskaplike bewyse evolusie ondersteun' net soos 'feitlik elke betroubare wetenskaplike in die wêreld” (Strobel, bl. 36).

In reaksie hierop het hierdie groep van 100 geloofwaardige wetenskaplikes 'n advertensie van twee bladsye in 'n nasionale tydskrif gepubliseer, wat verklaar: “Ons is skepties oor aansprake wat betref die vermoë van toevallige mutasie en natuurlike seleksie om die kompleksiteit van lewe te verklaar ... Deeglike ondersoek van die bewyse vir Darwin se teorie behoort aangemoedig te word” (Strobel, bl. 36).

Strobel verduidelik verder dat hierdie skeptici van Darwin “gerespekteerde wêreldklas wetenskaplikes was soos Henry F. Schaefer, wie genomineer was vir die Nobelprys, die derde mees aangehaalde chemikus ter wêreld; James Tour van Rice University's Center for Nanoscale Science and Technology en Fred Figworth, professor van sellulêre en molekulêre fisiologie by Yale Graduate School” (Strobel, bl. 36). Onder hulle was ook: “Die direkteur van die Center for Computational Quantum Chemistry en wetenskaplikes by die Plasma Physics Lab in Princeton, die National Museum of Natural History by die Smithsonian Instituut, die Los Alamos National Laboratory en die Lawrence Livermore Laboratories” (Strobel, bl. 35-36).

Hierdie is nie die prentjie wat voorgelê word in tipiese

hoërskool- en universiteitsbiologie-kursusse nie en beslis nie deur die media nie, maar die volgende keer wanneer een of ander betersweter 'n neerhalende aanmerking op die Internet pos om iemand wat 'n Darwin-skeptikus is, belaglik te maak, skeep moed. Mans en dames wat baie meer as hierdie lafhartige aanlyn moeilikheidmakers weet, betwyfel dit ook ernstig. Baie voormalige ateïste en evolusioniste het die punt bereik om Darwinisme te verwerp – sommige openlik, terwyl ander vergelding vrees en “dit geheim hou”.

Onder die wetenskaplike ontdekkings wat veroorsaak dat so baie mense Darwin se redenasie verwerp, is diegene op die gebied van mikrobiologie baie oortuigend. Wetenskaplikes kan vandag mikroskopiese klein selle ondersoek en kan baie meer detail sien as wetenskaplikes van vorige geslagte. Sonder om doekies om te draai sê Michael Denton: “Alhoewel die kleinste bakteriese selle ongelooflik klein is ... is elkeen in werklikheid 'n ware mikro-miniatur fabriek wat duisende pragtig ontwerpte stukkie volmaakte molekulêre masjinerie bevat ... baie ingewikkelder as enige masjien wat deur die mens gebou is en absoluut sonder weerga in die nie-lewende wêreld” (Denton, bl. 250). Dit is nie oordrewe nie!

Denton sê verder: “Die kompleksiteit van die eenvoudigste bekende soort sel is so enorm dat dit onmoontlik is om te aanvaar dat so 'n voorwerp

skielik saamgegooi kon word deur 'n soort eenaardige, baie onwaarskynlike gebeurtenis. So 'n gebeurtenis sou nie onderskei kan word van 'n wonderwerk nie” (Denton, bl. 264).

'n Mens wonder werklik hoe enige geleerde persoon geloof in Darwinisme kan behou wanneer hy gekonfronteer word met die verbysterende kompleksiteit van lewe en die onoorkomelike uitdaging om te verduidelik hoe lewe uit nie-lewende materiaal ontstaan het.

Wat het eerste gekom?

U het ongetwyfeld al die vraag gehoor, “Wat het eerste gekom? Die hoender of die eier?” Dit is nie 'n onbenullige vraag met betrekking tot die oorsprong van lewe nie. Hier is die rede.

Die meeste biologie-studente is bekend met die Miller-Urey eksperiment. Stanley Miller en Harold C. Urey het daarvoor gespekuleer of die aarde se vroegste atmosfeer moontlik uit waterstof, ammoniak en metaan bestaan het. Deur 'n noukeurig uitgevoerde eksperiment waarin hulle elektriese ladings deur 'n mengsel van hierdie chemikalieë gestuur het, kon hulle 'n paar aminosure produseer. Hierdie 1953-eksperiment was beskou as bewys van evolusie. Wás dit egter so?

Soos met so baie hoopvolle hoofartikels, het hierdie demonstrasie waarop staatgemaak is tekortgeskiet en hoogaangeskrewe wetenskaplikes erken dat daar groot probleme met die

eksperiment is. Die uiters beheerde toestande waaronder die navorsing uitgevoer was, het iets heeltemal anders opgelewer as dit wat wetenskaplikes nou glo waaruit 'n primitiewe aardse atmosfeer saamgestel was. Dit is ook belangrik om daarop te let dat 'n aminosuur nie lewe is nie. Alle lewende wesens gebruik slegs linkshandige aminosure, wat verskil van die mengsel wat die eksperiment opgelewer het. Bowenal kan wetenskaplikes nie bewys of verduidelik hoe 'n enkele proteïen per toeval of deur enige ander proses gevorm word as dit wat ons tans in lewende organismes sien nie. Die kans om 'n toevallige proteïen te vorm, is so vergesog dat baie wetenskaplikes opgee het en na 'n alternatiewe verduideliking op soek is. Tot dusver het hulle geen geloofwaardige alternatief om van te praat nie.

Die probleem van proteïenvorming word in Bill Bryson se *A Short History of Nearly Everything*, uitgelig. “Niemand weet regtig nie, maar daar mag soveel as 'n miljoen [verskillende] tipes proteïene in die menslike liggaam wees en elkeen is 'n klein wonderwerkjie”, skryf Bryson. “Volgens alle wette van waarskynlikheid behoort proteïene nie te bestaan nie” (Bryson, bl. 288).

Dink noukeurig daarvoor. Bryson, iemand wat in evolusie glo, verwys na elkeen van die miljoen of so verskillende soorte proteïene wat van ons lewende organismes maak, as “klein wonderwerkies”. Waarom?

Proteïene word gemaak van lang stringe aminosure wat op so 'n manier verbind is dat hulle in presiese drie-dimensionele vorms gevou kan word. Tensy aminosure in 'n behoorlike volgorde verbind is, kan hulle nie gevou word in die vorms wat nodig is om met ander proteïene te verbind om die masjiene en strukture binne selle te bou nie. Die samestelling van hierdie aminosure volgens 'n presiese volgorde is 'n noodsaaklike – maar nie voldoende – vereiste om 'n proteïen te bou.

Die aminosure wat gebruik word om proteïene te bou, word dikwels vergelyk met die letters in ons alfabet, wat gebruik word om woorde en sinne te bou maar in plaas van 26 letters soos in die Afrikaanse taal, is daar slegs 20 aminosure wat in die genetiese kode van lewe gebruik word. Dink aan die verband tussen aminosure en proteïene op hierdie manier: Hierdie tydskrif bevat honderde sinne, elkeen heeltemal uniek – verskillend van alle ander. Hierdie sinne word gemaak uit letters wat woorde vorm en wat op hulle beurt in 'n volgorde geplaas word wat sin maak. Oorweeg nou om tienduisende letters in 'n houer te plaas en hulle een vir een uit te haal en hulle dan in die volgorde waarin hulle uitgehaal is te plaas. Hoe lank sou u nodig hê om 'n perfek saamgestelde sin te bou, selfs 'n kort sin met ongeveer 75 letters? Dieselfde probleem geld vir proteïene. Wat is die kans dat 'n enkele proteïen toevallig kan vorm?

Bill Bryson vra en beant-

woord die vraag deur kollageen – 'n uiters algemene proteïen wat in die liggame van soogdiere en mense voorkom – te bespreek.

Soos Bryson beklemtoon, “om kollageen te maak, moet mens 1,055 aminosure in presies die regte volgorde rangskik. Hier vind ons egter 'n voor die hand liggende maar beslissende punt – mens kry dit nie reg nie. Dit rangskik self spontaan, sonder aanwysings en dit is waar die onwaarskynlikhede inkom. Die toeval dat 'n 1,055-volgorde molekule soos kollageen, spontaan self in posisie kan rangskik, is eerlikwaar nul. Dit gaan net nie gebeur nie” (Bryson, bl. 288).

Indien dit “net nie gaan gebeur nie”, dan sou ons moontlik sonder kollageen kon klaarkom. Ons kan nie, maar kom ons verbeel ons vir 'n oomblik ons kán. Daar kan miskien soveel as 'n miljoen verskillende soorte proteïene wees wat bydra tot wat ons is en miskien kan ons sonder een of twee klaarkom.

Sonder om in te veel detail in te gaan en almal dan te verwar, bereken Bryson die kans van 'n meer beskeie 200-aminosuur-proteïen om self in die regte volgorde te rangskik as een in ... wat? Een in 1,000? Een in 10,000?

Nee, die getal wat ons soek, is 'n een gevolg deur 260 nulle! Daardie getal, verduidelik Bryson behulpsaam, is “'n groter getal as al die atome in die heelal”. Soos hy sê, “Elkeen is 'n klein wonderwerkjie”.

Wíé glo dus nou in geloof en wonderwerke?

Dit is waarom baie wetenskaplikes tou opgooi met “toeval”. Tot dusver kon niemand nog met 'n oortuigende verduideliking kom van hoe selfs een proteïen kon ontstaan sonder 'n intelligente ontwerper nie – afgesien van die manier waarop hulle vandag gevorm word.

Hoe word proteïene dan vandag gevorm? Dit word saamgestel volgens aanwysings wat voorsien word deur die DNS in ons selle. DNS is niks anders as 'n kode nie – of om dit anders te stel, instruksies – oor hoe om proteïene te bou. DNS is kragtig! U kan oor hierdie wonderlike molekule in ons Mei-Junie 2014 artikel lees, “Die wonder van DNA”, beskikbaar op ons webtuiste by wvm.co.za. Laat ons net eers vir nou 'n bietjie perspektief kry.

Die meeste van ons is verbaas oor hoe baie inligting 'n enkele rekenaarskyfie of hardeskyf kan bevat. 'n Mens se vernuf is egter geen gelyke vir DNS nie. “Die inligting wat nodig is om die ontwerp van al die spesies van organismes wat ooit op die planeet bestaan het te spesifiseer – 'n getal wat volgens G.G. Simpson ongeveer een duisend miljoen is – sou in 'n teelepel [van DNS] pas en daar sou nog ruimte wees vir al die inligting in elke boek wat nog ooit geskryf is” (Denton, bl. 334)!

Hoe het DNS dan ontwikkel? Dit is 'n vraag wat evolusioniste nie kan beantwoord nie. Kan enigiemand vir

ons 'n voorbeeld van die kode gee (of sal ons dit “bou-instruksies” noem) wat ooit sou kon ontstaan sonder intelligensie? Indien Bill Gates hoogs-intelligente programmeerders moet huur om die kode vir Microsoft-produkte te skryf, waarom sou enigiemand dink dat die kragtige kode wat aan die mens bekend is, per toeval sou kon ontstaan? Dit is 'n ernstige vraag wat 'n antwoord vereis!

DNS is egter net die begin. Om 'n proteïen te maak is ingewikkeld en vereis die gebruik van molekulêre masjinerie wat van reeds bestaande proteïene gebou is! Proteïene word benodig om proteïene te maak! DNS kan niks doen sonder masjiene wat van proteïene gemaak is nie!

Sonder om ooit te verduidelik hoe DNS ontstaan het, verduidelik Bill Bryson die skynbare teenstrydigheid: “Proteïene kan nie sonder DNS bestaan nie en DNS dien geen doel sonder proteïene nie. Moet ons dan aanvaar dat hulle gelyktydig ontstaan het met die doel om mekaar te ondersteun? Indien wel: Fantasties!” (Bryson, bl. 289).

Mens moet regtig weer ernstig vra: “Wie maak nou staat op geloof en wonderwerke?”

Wanneer hulle gekonfronteer word met die ontsaglike gaping tussen 'n paar aminosure – soos dié wat in die Miller/Urey laboratorium gevorm is – asook die kompleksiteit van die eenvoudigste sel, het evolusioniste

'n standaard antwoord. In plaas daarvan om te verduidelik hoe so 'n gaping oorbrug word, wat hulle nie kan doen nie, verkies baie van hulle om dit te ignoreer en te antwoord: “Ons is hier, dus het dit gebeur!”

Natuurlik betwis niemand dat ons hier is nie. Wat ons betwis, is hoe dit gebeur het en daar is 'n baie beter verduideliking: Die kode van DNS was ontwerp deur intelligensie. Die interne werking van die sel roep uit: “Ontwerp!” Elke voël, vlinder, vis en blom vertoon die onsigbare eienskappe van 'n groot, kragtige en liefdevolle God!

Die apostel Paulus verklaar dat Darwin se ondersteuners van 'n “skepping sonder 'n Skepper” geen verontskuldigings kan aanbied nie. “Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie” (Romeine 1:20). Israel se koning Dawid het hom verwonder oor die wonderwerk van lewe en gesê: “Ek loof U, omdat ek so vreeslik wonderbaar is; wonderbaar is u werke! En my siel weet dit alte goed” (Psalm 139:14). Hy het verder verklaar: “Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie” (Psalm 14:1).

Die ander kant van die saak

Om hierdie ondersoek na die huidige stand van sake af te sluit, kan die finale woord aan biochemikus en voormalige

evolusionis, Michael Behe, gegee word. In sy topverkoper exposé [onthulling], Darwin's Black Box, verduidelik Behe hoedat wetenskaplike navorsing oor die afgelope paar dekades bioloë blootgestel het aan die ongelooflik komplekse onderlinge wisselwerking tussen selle waaruit elke lewende organisme bestaan – feite wat dui op 'n “voor die hand liggende probleem” wat min mense wil bespreek. Sy gevolgtrekking?

Die resultaat van hierdie toenemende pogings om die sel te ondersoek – om lewe op molekulêre vlak te ondersoek – is 'n luide, duidelike, deurdringende uitroep van “ontwerp!” Die resultaat is so ondubbelsinnig en so betekenisvol dat dit beskou moet word as een van die grootste prestasies in die geskiedenis van die wetenskap. Hierdie oorwinning van die wetenskap behoort uitroepe van “Eureka!” uit tien duisende kele uit te lok. Dit behoort baie handklap en “gelukwensings” te veroorsaak en mag selfs dien as verskoning om 'n dag verlof te neem.

Daar is egter geen [sjampanje]bottels oopgemaak nie en nie hande geklap nie. In plaas daarvan, hang daar 'n vreemde, verleë stilte oor die volslae kompleksiteit van die sel. Wanneer die onderwerp in die openbaar opduik, begin hulle ongemaklik rondskuif en die asemhaling raak 'n bietjie moeilik. Agter geslote deure is mense 'n bietjie meer ont-

Vervolg op bladsy 26

Dit is Londen wat roep Penisillien: Nie meer 'n wondermiddel nie!

Deur Simon R.D. Roberts

In 'n wêreld waar antibiotika – 'n fundamentele element van moderne mediese wetenskap – nie meer doeltreffend is nie, het ons enige ander keuses? Wat sal u doen wanneer u siek word met 'n bakteriële infeksie soos tetanus [klem-in-die-kaak], tuberkulose of 'n keelinfeksie? Vandag sal 'n dokter 'n kursus antibiotikum voorskryf – maar wat as daar nie 'n “wondermiddel” beskikbaar was nie? Sal daar iets anders wees om u mee te behandel? Dit was die situasie tot 75 jaar gelede toe daar begin is om die eerste antibiotikum, penisillien, in massa te produseer.

Sedertdien is die impak van penisillien amper onberekenbaar en die medisyne kry die krediet vir 'n beraamde tweehonderd miljoen lewens wat gered is. Dit is vernoem na die swamagtige skimmel, *penicillium notatum*, waarvan dit afkomstig is. Penisillien werk deurdat dit die selwande van bakterieë vernietig en dit dus 'n formidabele antibiotikum maak om infeksie mee aan te spreek. Met antibiotikaweerstandige bakterieë wat die arsenaal van sulke middels al hoe meer ondoeltreffend maak, staan ons nou voor 'n terugkeer na die pre-penisillien-era, met min of geen lewensvatbare “mediese” verdediging nie. Sal die wetenskap 'n nuwe “supermiddel” in die stryd teen siektes ontdek? Is daar dalk nog 'n kragtiger manier om siektes te voorkom en aan te

spreek, wat oor die hoof gesien is?

Ontdekking van penisillien

Daar word gesê die Britse bakterioloog Alexander Fleming het die antibiotiese eienskappe van penisillien per ongeluk in 1928 ontdek. Fleming het 'n petribakkie met smeerseltjies *staphylococci* (of bloot “staph”) bakterieë in sy laboratorium laat staan terwyl hy twee weke weg was met vakansie. In die bakkie het 'n swam ontwikkel wat die *staph*-bakterieë rondom dit doodgemaak het.

Fleming het gou die effektiewe komponent geïdentifiseer en geïsoleer, maar hy het probleme ondervind met die onttrekking van genoeg hoeveelhede penisillien vir sy eksperimentele behoeftes. Dit was eers in 1939 dat die wetenskaplike Howard Florey en biochemikus Ernst Chain die navorsing van Fleming voortgesit het en penisillien in baie groter hoeveelhede begin vervaardig het. In 1942 is penisillien die eerste keer suksesvol op 'n pasiënt met bloedvergiftiging gebruik. Die infeksie is suksesvol behandel en haar lewe is gered.

Die Tweede Wêreldoorlog het noodsaaklike motivering en finansiële ondersteuning verleen vir die massaproduksie van penisillien. Teen 1944 het die Geallieerdes genoeg penisillien gehad om soldate met besmette slagveld-

beserings te behandel en hulle na die gevegsfront te laat terugkeer.

Die Nobelprys vir Geneeskunde is in 1945 gesamentlik aan Fleming, Florey en Chain toegeken vir die ontdekking van penisillien en die doeltreffendheid daarvan in die behandeling van verskeie aansteeklike siektes. Gedurende dieselfde jaar het Fleming 'n insiggewende waarskuwing oor die toekomstige gebruik van antibiotika gegee. “Mens kan dit maklik onderdoseer”, het hy gewaarsku, “en om sy mikrobies aan nie-dodelike hoeveelhede van die medikasie bloot te stel, maak hulle weerstandig”.

Die afgelope 75 jaar het Fleming se voorspelling getoon die waarheid te wees. Vandag raak antibiotika minder doeltreffend, aangesien *superkieme* [antibiotikaweerstandige bakterieë] meer algemeen voorkom. Die oormatige gebruik van hierdie medikasie en die versuim van pasiënte om hulle voorgeskrewe kursusse antibiotika te voltooi, het gelei tot die presiese scenario wat Fleming voorspel het. Antibiotika word ook op groot skaal in die landbou op plante sowel as diere gebruik, wat bygedra het tot die toename van dwelmweerstandige bakterieë. Volgens 'n verslag deur *The Review on Antimicrobial Resistance*, sterf 700,000 mense jaarliks weens dwelmweerstandigheid en dit

word verwag dat teen 2050 hierdie getal na 10 miljoen mense sal styg.

In 2017 het 'n artikel in die *Wêreld van Môre*, “*Superkieme! Die einde van die antibiotika-era*”, verskyn. Die skrywer, John Meakin, het die aandag gevestig op 'n ontnugterende waarneming wat Margaret Chan, direkteur-generaal van die Wêreldgesondheidsorganisasie, gemaak het. In 'n toespraak in Oktober 2015 op die Wêreldgesondheidsberaad, het sy gesê, “Antimikrobiese weerstandigheid het 'n groot gesondheids- en mediese krisis geword. Indien huidige tendense voortduur, beteken dit die einde van die moderne medisyne soos ons dit ken”. In die V.K. het Dame Sally Davies, Engeland se Hoof Mediese beampte, onlangs gewaarsku dat die wêreld 'n “apokaliptiese scenario” in die gesig staar, aangesien effektiewe antibiotika vinnig besig is om op te raak.

Penisillien, wat in Alexander Fleming se petribakkie geïdentifiseer is, het uit 'n swam ontstaan wat gegroei het van spore in die lug. In hulle soektog na nuwe antibiotika vandag, word mikrobies afkomstig uit 'n verskeidenheid bronne deur wetenskaplikes getoets met inbegrip van die grond, grotafsettings, die Arktiese seebodem, blaarsnyer-miere van die Amasone en selfs Komodo-drake [wêreld se grootste akkedis] se bloed. *Malacidins* wat in die grond voorkom, is suksesvol getoets op verskeie bakteriese siektes

wat antibiotika-weerstandig geword het vir die meeste bestaande antibiotika, met inbegrip van die superkiem MRSA. Wetenskaplikes het ook *sintetiese* antibiotika ontwikkel, maar die meeste daarvan is *semi-sintetiese*, wat beteken dat dit wysigings van verskeie natuurlike komponente is. Selfs indien daar nuwe antibiotika gevind word, neem ontwikkeling en kliniese toetsing baie jare voordat 'n produk die mark bereik. Verder weet farmaseutiese maatskappye dat antibiotika nie 'n hoë-winsgewende item is nie en mag dalk slegs vyf tot tien jaar effektief wees voordat weerstand-biedende siektes ontwikkel.

Wat God beskikbaar stel

Al die moontlike nuwe bronne van antibiotika het een ding in gemeen met Fleming se ontdekking: Hulle is afkomstig uit die fisiese wêreld rondom ons. Tog, soos die Bybel verduidelik, het daardie wêreld 'n Skepper! Uiteindelik is God die Skepper van alles. Alexander Fleming het die eienskappe van iets wat in God se skepping teenwoordig is, herken en nagevors, maar waarom dink ons nie een stap verder nie: Waarom nie na God Self kyk nie? God is baie kragtiger as enige en alle siektes en enige en alle antibiotika. Die Bybel verkondig 'n voordeel wat beskikbaar is vir diegene wat God soek: Hy is ons Geneser (Psalm 103:2-3). Hy kan ons “weer heel maak” in die volle sin van die woord.

Dit is in God se mag om te genees. Toe die antieke Israeliete Egipte verlaat het om God se nasie te word, het Hy beloof om hulle van die Egiptiese siektes van destyds te spaar, op voorwaarde dat hulle aan Hom gehoorsaam is (Exodus 15:26). Solank as wat hulle God in die prentjie gehou het, het Hy beloof om 'n bron van genesing vir hulle te wees (Exodus 23:25).

Vandag is dit nie anders nie. Wat moet u doen wanneer u siek word? Is dit sinvol om net in die mens se “wondermiddels” vas te kyk wanneer ons toegang tot ons Skepper kan hê? Behoort ons God nie in ons gesondheid en genesing te betrek indien Hy die middelpunt van ons lewens is nie? Hier is wat Hy vandag vir ons sê: “Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word. Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag” (Jakobus 5:14-16).

Die toekoms lyk glad nie goed wanneer dit by ons stryd teen siektes kom as ons net op die vindingrykheid van die mens staatmaak nie (Matthéüs 24:7-8), maar God kan genesing gee aan diegene wat Hom in geloof as eerste prioriteit soek. (Matthéüs 9:27-30). **WvM**

**Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur: www.tomorrowworld.org**

Vrae & Antwoorde

Is Halloween 'n Christelike vakansiedag?

VRAAG: Is daar enige verband tussen Christelikheid en die feesviering van Halloween op 31 Oktober?

ANTWOORD: Halloween is alles behalwe 'n Christelike vakansiedag, ten spyte van gereelde pogings om die praktyk hiervan aan te pas en te verander. Na aanleiding van 'n brief wat een of ander tyd deur pous Gregory I na 601 n.C. aan 'n biskop in Engeland geskryf is, is pogings aangewend om heidense feeste soos die *Keltiese Samhain* te “verchristelik”. Dit was 'n fees wat deurtrek was met vrees vir dwalende geeste, demone en feetjies (Evans-Wentz, WY. *The Fairy Faith in Celtic Countries*, bl. 288-290). Gedurende die Middeleeue was hierdie fees, wat op of rondom die begin van November gehou is, beskou as 'n tyd waartydens bonatuurlike waarsêery en die deel van gedagtes en gevoelens met dooies en selfs die duiwel, moontlik en *aanvaarbaar* was (*Encyclopedia Britannica*, vol. 5, “Halloween”. (bl. 646).

Die Bybel verdra egter nie die aanvaarding of “verchristeliking” van praktyke wat duidelik as gruwels beskou is nie. God het afkeurend na Sy volk gekyk toe hulle die gebruike en oortuigings van heidense volke as hulle eie aanvaar het. (Deuteronomium 12:30-31). Inteendeel, Sy waarskuwings teen hekserie en waarsêery is heeltemal op die man af (Deuteronomium 18:10; 1 Samuel 15:23; 2 Konings 17:17, 21:6; Galásiërs 5:20; Openbaring 18:23).

Die Bybel toon ook duidelik aan dat aanbidding en verering van dooies of om andersins die hulp van dooies te versoek, teen die opdragte van die Almagtige God is (Deuteronomium 14:1; Jesaja 8:19) en bygelowe wat uit vrees vir dwalende geeste of afgestorwe siele gebore is, is onlogiese aannames wat deur die leerstellings van Christus en die Apostels verwerp word. Christus het die mense van 'n naderende *opstanding* geleer (Matthéüs 22:31-33) en die Apostels het die toestand van die dooies met slaap vergelyk, vanwaar mense nie voor hulle opstanding gekontak kan word nie (1 Korinthiërs 15:6, 12-20; 1 Thessalonicense 4:13-18).

Enige bevel of brief wat heidense plekke en heilige dae “heilich verklaar”, was 'n taktiek wat bedink was om bekeerlinge en mag te versamel vir 'n **ander godsdienst** as die een wat Jesus

verkondig het – nie 'n geïnspireerde of goedgekeurde praktyk volgens die God van die Bybel nie. Dit was die mening van sommige belydende Christene regdeur die geskiedenis dat daar nie van bekeerlinge verwag sou word om al hulle nie-Christelike vieringe gelyktydig op te gee nie en daarom moes 'n manier bedink word om hulle “geleidelik” te oortuig om hulle gebruike te laat vaar (Bede. *Ecclesiastical History of the English Nation, Book I. “A Copy of the Letter Which Pope Gregory Sent to the Abbot Mellitus, Then Going Into Britain”*. Hoofstuk 30). Hierdie “taktiek” was en is egter nog steeds 'n totale mislukking: “Die ou oortuigings wat met Samhain verband hou, het nooit heeltemal uitgesterf nie. Die kragtige simboliek van die rondreisende dooies was te sterk ... die praktyk om tradisionele gebruike te behou, terwyl hulle probeer om dit te herdefinieer, het steeds 'n uitwerking tot vandag toe. Die tradisionele oortuigings en gebruike het voortgeleef in vermomminge”. (Santino, Jack. *Halloween: The Fantasy and Folklore of All Hallows”. The American Folklife Center*). As 'n voorbeeld van die “blindes wat die blindes lei”, was dit te wagte (Lukas 6:39).

Wat as u sê dat u nie glo in die ware geestelike ondertoon wat reeds lank met Halloween verband hou nie en dit net as 'n verskoning wil gebruik as 'n tema vir 'n partytjie of 'n aandjie van pret? Dink daaraan dat Christene behoort te leef “van elke woord wat deur die mond van God uitgaan” (Matthéüs 4:4) en dat hulle die Skrif as riglyn sal gebruik vir wat vir hulle Verlosser aanvaarbaar is.

Die Skrif wys ons daarop dat Christus en Sy dissipels bekeerdes vermaan het om hulle ou gewoontes te “verwerp” en “in 'n nuwe lewe te wandel” (Matthéüs 9:16-17; Lukas 9:62; Romeine 6:4, 13:11-13; 2 Korinthiërs 6:16-17). Alhoewel die grootste deel van die Europese wêreld die weg gebaan het om voorchristelike tradisies met afgewaterde weergawes van die Bybel se leerstellings te vermeng, sou geen getroue lid van Christus se “klein kuddetjie” praktyke wat van heidense bronne af oorgeneem is, aanvaar het nie. Dieselfde behoort vandag nog te geld. **WvM**



Die werke

'n Heelal spesiaal vir u ontwerp

Op 28 Junie 2018 het die *New Scientist* tydskrif 'n aanlyn-artikel gepubliseer met die titel, “*A fine-tuned universe may be controversial but can't be ignored.*” Waarvan praat hulle?

Hoe meer die kosmoloë en fisici die wette wat ons heelal regeer in diepte ondersoek het, hoe meer het hulle verward geraak. Hulle het gevind dat die natuurwette *baie fyn ingestel* is om lewe moontlik te maak. Indien net een van baie konstantes en beginsels wat die kosmos beheer, selfs net in die *geringste mate* verskil het, sou lewe soos ons dit ken – *eintlik lewe in die heelal* – nie kon bestaan nie!

Wanneer ons die heelal ondersoek, lyk dit nie toevallig en onbeplan nie. Inteendeel, dit lyk asof dit *ontwerp* is om vir lewe soos ons s'n voorsiening te maak! Een manier hoe ontwerp sigbaar is, is deur die talle faktore wat *fyn en presies ingestel* moes gewees het om 'n heelal net vir ons daar te stel.

Die aantal kosmiese “aanpassings” wat ons lewens moontlik maak, is gans te veel om hulle volledig in hierdie kort artikel te bespreek. Laat ons egter die tyd neem om net 'n paar van hulle te ondersoek en dan te oorweeg wat so 'n fyn instellingsproses impliseer.

'n Heelal presies “ingestel” om lewe toe te laat

Fisici het byvoorbeeld ontdek dat die verhoudings van die massas van die deeltjies waaruit die atoom bestaan, nie met selfs die kleinste hoeveelheid kan wissel nie. Indien dit sou kon gebeur sou die sterre se lewens te kort gewees het of in die allerergste, sou atome self nie eers kon bestaan nie. Soos Stephen Hawking een keer in sy boek, *A Brief History of Time*, geskryf het, “Die merkwaardige feit is dat dit lyk asof die waardes van hierdie getalle *baie fyn ingestel* is om die ontwikkeling van lewe moontlik te maak” (bl. 125, klem ons s'n).

Oorweeg ook die “kosmologiese konstant” – 'n onbekende maar noodsaaklike getal wat verband hou met die “energie-digtheid” van die heelal. Wetenskaplikes was verbaas om te vind dat dit aansienlik laer was as wat met teorieë voorspel was. Indien hierdie kosmiese konstante egter nie binne *120 desimale plekke* “fyn ingestel” was nie, sou die heelal lankal, volgens die Nobelpryswenner, Steven Weinberg, in homself ineengestort het of so vinnig uitgebrei het dat geen sterre of sterrestelsels sou kon bestaan nie (“*Life in the Universe*”, *Scientific American*, 1994).

Die lys van sodanig presies “ingesleutelde” syfers wat lewe

moontlik maak is lank! Indien die swaartekrag groter was, sou sterre te warm, te vinnig en te oneweredig brand – maar as dit laer was, sou sterre te koel wees en sou die kernfusie wat noodsaaklik vir lewe is, nie begin het nie. Indien die “laagste” energievlak van die helium-atoom effens hoër of laer was, sou daar onvoldoende koolstof en suurstof vir lewe in die heelal wees. Indien die elektromagnetiese krag nie *presies die sterkte gehad* het nie, dan sou die chemiese verbindings wat lewe moontlik maak, nie kon plaasvind nie. In die wetenskappe bestaan daar voorbeeld na voorbeeld van sulke “toevallighede” – waar die getalle “presies reg” uitgedraai het.

Sou hierdie faktore wat die kragte en wette van die heelal beheer, selfs net met die *geringste fraksie* verskil het, dan sou ons eenvoudig nie kon bestaan nie. Nogtans, hoe fisici en kosmoloë ookal probeer, hulle moet nog 'n oortuigende rede ontdek *waarom* hierdie toestande presies ingestel is soos op die manier wat dit is. Vir hulle bly dit 'n raaisel en hulle gaan voort om 'n bevredigende verduideliking te soek.

Sou dit toevallig wees? Is dit moontlik dat ons dit net “gelukkig” *getref* het en dit maar net gebeur het dat ons so 'n “perfekte heelal” gegee is?

van Sy hande

Geoff Brumfiel, wat in die gesogte wetenskaptydskrif *Nature* geskryf het, het opgesom wat dit beteken om in 'n heelal wat lewe toelaat soos ons eie te leef: “Indien mens die vergelykings van die wêreld se vooraanstaande kosmoloë glo, sal die waarskynlikheid dat die heelal toevallig op hierdie manier sou kon ontstaan oneindig klein wees – een in 'n baie groot getal” (5 Januarie 2006).

'n Berugte ateïs verander van denkwyse

Antony Flew was een van die bekendste ateïste in die wêreld. Hy het baie boeke geskryf en aan openbare lesings en debatte deelgeneem. Hy het aangevoer dat God nie bestaan nie – selfs dat die idee van God onlogies is.

In die vroeë 2000's, het hy van gedagte verander, tot die skok en verrassing van baie mense. Hy het in 2008 in sy boek, *There is a God: How the World's Most Notorious Atheist Changed His Mind*, besonderhede verskaf oor hoe hy tot sy nuwe gevolgtrekking gekom het. In die boek wat in samewerking met die mede-outeur Roy Varghese geskryf is, verduidelik hy waarom hy die feite in die gesig moes staar en die voor die hand liggende moes erken: Daar moet werklik 'n God bestaan agter die wêreld wat ons rondom

ons sien.

In sy hoofstuk “*Did the universe know we were coming?*”, bespreek Flew die soort bewyse wat ons hier beskryf het en som die duidelike gevolgtrekking op met behulp van 'n eenvoudige vergelyking.

Verbeel u, stel hy voor, dat u stilhou by 'n hotel tydens 'n reis met vakansie, 'n sleutel kry en na u kamer gaan. Wanneer u by die kamer ingaan en u tasse neersit, begin u 'n aantal merkwaardige toevallighede opmerk. Die musiek wat saggies in die kamer speel, is toevallig net u gunsteling musiek. U ruik u gunsteling geur wat in die lug hang en die kamer het 'n voorraad van u gunsteling drankies en peuselhappies. Die boek op die lessenaar is toevallig geskryf deur een van u gunsteling skrywers en in die badkamer is u gunsteling produkte. Die televisie is af, maar wanneer u dit aanskakel, is dit reeds op u gunsteling kanaal.

So 'n toenemende versameling van “toevallighede” sal u tot die gevolgtrekking laat kom dat die hotelbestuur op een of ander manier *vooraf* geweet het dat u kom. Soos Flew redeneer, die *meer as talryke* lewensondersteunende “toevallighede” wat ons in die wêreld sien en in die kosmos rondom ons, behoort ons tot dieselfde gevolgtrekking te laat kom. Iemand het hierdie heelal

spesiaal vir ons ingerig.

Slegs 'n “Goddelike verstand”

Sommige mense het probeer om die fyn-ingestelde heelal-idee op verskeie maniere te verwerp, soos 'n hipotetiese “veelal” van veelvoudige heelalle, waarin ons s'n een is wat “werk”. (Ons November-Desember 2015 artikel “Leef ons in 'n veelal [veelvuldige heelal]?” ondersoek hierdie saak) Andere het te kenne gegee dat ons nie verbaas behoort te wees dat die heelal vir ons geskik is nie, maak nie saak hoe uiters onwaarskynlik dit mag wees nie. Per slot van rekening, argumenteer hulle, hierdie samestelling van die heelal mag verbysterend onwaarskynlik wees, maar as dit nie so gebeur het nie, sou ons nie hier gewees het om te wonder oor hoe onwaarskynlik dit is nie!

Wanneer hy sodanige reaksies evalueer, dui die voormalige ateïs daarop dat wanneer hierdie soort “antwoorde” noukeurig ondersoek word, hulle eenvoudig nie die kernvraag aanspreek nie: Geen verskoning of verbeeldingryke scenario verander die feit dat hierdie natuurwette *verduidelik moet word* nie en in Flew se eie woorde, “die enigste haalbare verduideliking hier is die *Goddelike verstand*”.

Niks hiervan behoort Bybelstudente te verras nie. Die

profeet Jesaja vertel aan ons dat die Ewige “wat die hemele geskape het” ook die Een is “wat die aarde geformeer en dit gemaak het ... Hy het dit nie geskape om woese te wees nie” (Jesaja 45:18). Sy bedoeling van die begin af was om aan u 'n heelal te gee waarin u kan leef

en Hom kan leer ken – om 'n tuiste te skep vir die werke van Sy hande.

In werklikheid is die heelal op meer as een manier vir u gemaak. Deur die skepping van die kosmos rondom ons het die Skepper veel meer gedoen as 'n fyn ingestelde omgewing wat

ons die geleentheid bied om ons kort, fisiese lewens uit te leef. Vir diegene wat die tyd wat aan hulle gegee word daaraan wy om Sy wil en Sy weg te soek, is die heelal meer as 'n tydelike tuiste. Dit is 'n *erfenis*.

—Wallace G. Smith

Vervolg vanaf bladsy 7 – Vyf Profesieë vir die Midde-Ooste

naby is” (Lukas 21:19-20).

Ons is nou in die geprofeteerde tydperk bekend as die eindtyd. Ons behoort voorbereid te wees vir die Wederkoms. Christus sal Koning wees oor die hele aarde en heers vanuit die nuwe wêreldhoofstad, Jeru-

salem. “En in dié dag sal daar lewende waters uit Jerusalem uitvloei, die een helfte daarvan na die Oostelike en die ander helfte daarvan na die Westelike See; somer en winter sal dit so wees. En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde; in dié

dag sal die HERE een wees, en sy Naam een” (Sagaria 14:8-9).

Dank God dat hierdie wonderlike wêreldregering onder Jesus Christus binnekort sal kom. Mag ons almal heelhartig bid: “... laat u koninkryk kom”! **WvM**

Die Midde-Ooste in Profesie

Jerusalem is die belangrikste stad in die wêreld. Die Skrif toon aan dat die area rondom dit – die Midde-Ooste – uiteindelik in 'n wêreldoorlog sal ontplof. Weet u wat die Bybel leer omtrent die eindtydse klimaks van wêreldgebeure in daardie area? U mag verras wees!

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!

Vervolg vanaf bladsy 20 – Is Darwin se evolusieteorie tot niet?

spanne; baie van hulle erken openlik wat voor die hand liggend is, maar kyk dan weg, skud hulle koppe en laat dit maar daar.

Waarom verwelkom die

wetenskaplike gemeenskap nie die verrassende ontdekking met ope arms nie? Waarom word die waarneming van ontwerp met soveel intellektuele versigtigheid hanteer?

Die dilemma is dat, terwyl die een kant van hierdie probleem intelligente ontwerp genoem word, die ander kant dalk God genoem word (bll. 232-233). **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

genoeg om, om daardie doel te probeer ontdek. Hoe jammer!

Kosbare kennis

Baie van ons boekies, tydskrifartikels en *Tomorrow's World*-beeldsendings, spreek hierdie onderwerp aan. Dit is kosbare kennis wat ek nooit persoonlik in die hoofstroomkerke wat ek bygewoon het, terwyl ek grootgeword het, geleer het nie. Ek is seker dat u dit ook nie geleer het waar u Sondagdienste bygewoon het nie. Die dood, begrafnis en opstanding van Jesus het onoortreflike betekenis vir elke menslike wese, alhoewel die meeste mense geen idee het wat dit alles beteken nie. Wat was die boodskap wat Jesus egter voor Sy dood, begrafnis en opstanding gebring het?

In vers na vers in die Nuwe Testament van die Bybel, lees ons van die Koninkryk van God – maar wat *beteken* dit? Dit is nie wat die meeste kerkgangers dink nie. Dit gaan nie oor hemel toe gaan nie. Dit is nie die groot gholfspel, visvanguitstappie of die leë belofte van marijuana nie. In plaas daarvan het Jesus Christus Sy dissipels geleer dat Hy weer sal terugkeer en 'n Koninkryk op hierdie aarde sal vestig waarvan ons deel kan wees om saam met Hom te regeer.

'n Man het eenkeer na Jesus toe gekom en gevra: “Goeie Meester, watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê?” Hy is aangesê: “... onderhou die gebooië” (Matthéüs 19:16-17). Dit klink eenvoudig genoeg, maar teen die einde van die gesprek was dit duidelik dat die persoon nie bereid was om “voluit te gaan” om God te gehoorsaam nie. Die man se god was sy geld en Jesus het aan Sy dissipels gewys hoe moeilik dit is vir iemand wat ryk is om God eerste te stel. Hierdie leerstelling het Sy dissipels verstom. Hulle het alles opgeoffer om Hom te volg en in wese wou hulle weet wat hulle daarby sou baat (verse 21-27).

Jesus het geantwoord: “Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die

wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel” (vers 28). Dit behoort verskeie vrae in ons gedagtes te laat opkom. Byvoorbeeld, het tien van die twaalf stamme nie in die geskiedenis verlore geraak nie, opgeneem in ander nasies en volke, soos baie mense beweer nie? Hoe kan daar dan twaalf verskillende stamme wees ná Christus se Wederkoms? Ons boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* verduidelik hierdie raaisel in detail.

Ons lees ook dat koning Dawid opgewek sal word en oor al twaalf stamme van Israel sal regeer (Jeremia 30:9; Eségiël 37:24). Eségiël 34:24 maak dit duidelik dat hierdie gedeeltes *nie* na Christus verwys nie, maar na Dawid self, omdat dit beide die Here en Dawid vermeld: “En Ek, **die HERE**, Ek sal vir hulle 'n God wees, en my kneg **Dawid** 'n vors in hulle midde.”

Jesus se dissipels het eers gedink dat Hy Sy Koninkryk gedurende hulle leeftyd sou vestig, maar Hy het vir hulle 'n gelykenis gegee om van daardie idee ontslae te raak (Lukas 19:11-27). In die gelykenis word belonings gegee aan diegene wat aktief gehoorsaam was aan die opdragte wat aan hulle gegee is. Die eerste man het die pond wat aan hom gegee is tienvoudig vermeerder. “En hy sê vir hom: Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor tien stede” (vers 17). Die man wat sy pond vyfvoudig vermeerder het, sou gesag ontvang om oor vyf stede te heers (vers 19).

Ons sien hierdie patroon in wat voorspel is om te gebeur. Wanneer Christus weer kom, sal Hy Koning wees oor die hele aarde (Sagaria 14:9). Onder Hom sal Dawid wees oor al twaalf stamme van Israel. Onder Dawid sal Jesus se twaalf Apostels wees, wat elkeen oor een van die twaalf stamme sal heers en ons vind dat die ander dienaars van God oor verskeie stede sal heers om vrede en voorspoed vir hierdie gekwelde wêreld te

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Onthou asseblief om in te skakel op
Tomorrow's World TV-program van
 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende,
kanaal 263 op DStv.

bring. Verskeie Skrifgedeeltes wys daarop dat die beloning van God se dienaars op hierdie aarde sal wees (Openbaring 5:10; Daniël 7:27).

Hierdie is slegs 'n klein gedeelte van 'n baie groter prentjie van waarom u gebore is. God het 'n groot doel vir u in gedagte. Is dit nie tyd dat u die betekenis van u lewe ontdek nie?

Indien u meer te wete wil kom – veel meer as

wat u sal kan leer tydens 'n erediens op 'n Sondag-oggend – vra ons gratis boekie, *U uiteindelijke Lotsbestemming*, aan. Die streekkantoor die naaste aan u, soos gelys op bladsy 2, sal graag, op u versoek, 'n kopie aan u stuur.



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!
 Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
 Privaatsak X 3016
 Harrismith, FS
 9880**

**of skakel : 058 622 1424
 en meld dat u navraag doen
 oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**